# WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING 2 VAN 2000

[GOEDGEKEUR OP 2 FEBRUARIE 2000] [DATUM VAN INWERKINGTREDING: 9 MAART 2001]
(Tensy anders vermeld)

*(Engelse teks deur die President geteken)*

**soos gewysig by**

Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 42 van 2001
Wysigingswet op Bevordering van Toegang tot Inligting 54 van 2002
Wet op Finansiële Intelligensiesentrum 38 van 2001
Tweede Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 55 van 2003

**WET**

**Om gevolg te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot enige inligting wat deur die Staat gehou word en enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**Aanhef**

GESIEN DAT-

* die regeringstelsel in Suid-Afrika voor 27 April 1994, onder andere, tot 'n geheimsinnige en terughoudende kultuur in openbare en privaatliggame aanleiding gegee het wat dikwels tot misbruik van mag en menseregteskendings gelei het;
* artikel 8 van die Grondwet voorsiening maak vir die horisontale toepassing van die regte in die Handves van Regte op regspersone in die mate vereis deur die aard van die regte en die aard van daardie regspersone;
* artikel 32 (1) *(a)* van die Grondwet bepaal dat elkeen die reg het op toegang tot inligting wat deur die Staat gehou word;
* artikel 32 (1) *(b)* van die Grondwet voorsiening maak vir die horisontale toepassing van die reg op toegang tot inligting wat deur 'n ander persoon gehou word op andere wanneer daardie regte vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word;
* en nasionale wetgewing verorden moet word om aan hierdie reg in artikel 32 van die Grondwet gevolg te gee;

EN GEDAGTIG DAARAAN DAT

* die Staat ten minste al die regte in die Handves van Regte wat die hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika is, moet eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik;
* die reg op toegang tot enige inligting wat deur 'n openbare of privaatliggaam gehou word, beperk kan word in die mate waarin die beperkings redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid soos beoog in artikel 36 van die Grondwet;
* redelike wetgewende maatreëls, ingevolge artikel 32 (2) van die Grondwet, voorsiening maak om die administratiewe en finansiële las op die Staat te verlig ten einde gevolg te gee aan die verpligting om verwesenliking van die reg op toegang tot inligting te bevorder en te verwesentik;

EN TEN EINDE

* 'n kultuur van deursigtigheid en verantwoordingspligtigheid in openbare en privaatliggame te koester deur gevolg te gee aan die reg op toegang tot

Outeursreg Juta & Kie Beperk

inligting;

* 'n samelewing aktief te bevorder waarin die mense van Suid-Afrika effektiewe toegang tot inligting het om hulle in staat te stel om al hul regte meer volkome uit te oefen en te beskerm,

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

INHOUD VAN WET

*Artikel*


DEEL 1
INLEIDENDE BEPALINGS
HOOFSTUK 1
WOORDOMSKRYWING EN UITLEG
1. Woordomskrywing
2. Uitleg van Wet
HOOFSTUK 2
ALGEMENE TOEPASSINGSBEPALINGS
3. Wet van toepassing op rekord wanneer dit ontstaan het
4. Rekord gehou deur beampte of onafhanklike kontrakteur van openbare liggaam of privaatliggaam
5. Toepassing van ander wetgewing wat openbaarmaking verbied of beperk
6. Toepassing van ander wetgewing wat vir toegang voorsiening maak
7. Wet nie van toepassing op rekords nie wat na aanvang van verrigtinge vir straf- of siviele verrigtinge versoek word
[Item 7 gewysig by a. 20 van Wet 42 van 2001.]
8. Deel van toepassing by verrigting van funksies as openbare of privaatliggaam
HOOFSTUK 3
ALGEMENE INLEIDENDE BEPALINGS
9. Oogmerke van Wet
10. Gids oor hoe om Wet te gebruik
DEEL 2
TOEGANG TOT REKORDS VAN OPENBARE LIGGAME
HOOFSTUK 1
REG VAN TOEGANG, EN BEPAALDE TOEPASSINGSBEPALINGS
11. Reg van toegang tot rekords van openbare liggame
12. Wet nie van toepassing nie op sekere openbare liggame of beamptes daarvan
13. Liggaam as deel van ander openbare liggaam bepaal
HOOFSTUK 2
PUBLIKASIE EN BESKIKBAARHEID VAN SEKERE REKORDS
14. Handleiding oor werksaamhede van, en register van rekords gehou deur, openbare liggaam
15. Vrywillige openbaarmaking en outomatiese beskikbaarheid van sekere rekords
16. Inligting in telefoongids
HOOFSTUK 3
WYSE VAN TOEGANG
17. Aanwysing van adjunk-inligtingsbeamptes, en delegering
18. Vorm van versoeke
19. Plig om versoekers by te staan
20. Oorplaas van versoeke
21. Bewaring van rekords tot finale beslissing oor versoek


Outeursreg Juta & Kie Beperk

22. Gelde
23. Rekords wat nie gevind kan word of nie bestaan nie
24. Uitstel van toegang
25. Besluit oor versoek en kennisgewing daarvan
26. Verlenging van tydperk om met versoek te handel
27. Versoek wat geweier geag word
28. Skeibaarheid
29. Toegang en vorme van toegang
30. Toegang tot gesondheids- of ander rekords
31. Taal van toegang
32. Verslae aan Menseregtekommissie

HOOFSTUK 4

GRONDE VIR WEIERING VAN TOEGANG TOT REKORDS

33. Uitleg
34. Verpligte beskerming van privaatheid van derde party wat natuurlike persoon is
35. Verpligte beskerming van sekere rekords van Suid-Afrikaanse Inkomstediens
36. Verpligte beskerming van kommersiële inligting van derde party
37. Verpligte beskerming van sekere vertroulike inligting, en beskerming van sekere ander vertroulike inligting, van derde party
38. Verpligte beskerming van veiligheid van individue, en beskerming van eiendom
39. Verpligte beskerming van polisiedossiere in borgverrigtinge, en beskerming van regstoepassing en regsverrigtinge
40. Verpligte beskerming van rekords geprivilegieerd van voorlegging in geregtelike verrigtinge
41. Verdediging, sekuriteit en internasionale verhoudinge van Republiek
42. Ekonomiese belange en finansiële welsyn van Republiek en kommersiële aktiwiteite van openbare liggame
43. Verpligte beskerming van navorsingsinligting van derde party, en beskerming van navorsingsinligting van openbare liggaam
44. Werking van openbare liggame
45. Klaarblyklike beuselagtige of kwelsugtige versoeke, of wesenlike en onredelike wegkering van hulpmiddele
46. Verpligte openbaarmaking in openbare belang

HOOFSTUK 5

DERDEPARTYKENNISGEWING EN -INGRYPING

47. Kennisgewing aan derde partye
48. Vertoë en toestemming deur derde partye
49. Besluit oor vertoë vir weiering en kennisgewing daarvan

DEEL 3

TOEGANG TOT REKORDS VAN PRIVAATLIGGAME

HOOFSTUK 1

REG VAN TOEGANG

50. Reg van toegang tot rekords van privaatliggame

HOOFSTUK 2

PUBLIKASIE EN BESKIKBAARHEID VAN SEKERE REKORDS

51. Handleiding
52. Vrywillige openbaarmaking en outomatiese beskikbaarheid van sekere rekords

HOOFSTUK 3

Outeursreg Juta & Kie Beperk

WYSE VAN TOEGANG
53. Vorm van versoeke
54. Gelde
55. Rekords wat nie gevind kan word of nie bestaan nie
56. Besluit oor versoek en kennisgewing daarvan
57. Verlenging van tydperk om met versoek te handel
58. Versoek wat geweier geag word
59. Skeibaarheid
60. Vorm van toegang
61. Toegang tot gesondheids- of ander rekords
HOOFSTUK 4
GRONDE VIR WEIERING VAN TOEGANG TOT REKORDS
62. Uitleg
63. Verpligte beskerming van privaatheid van derde party wat natuurlike persoon is
64. Verpligte beskerming van kommersiële inligting van derde party
65. Verpligte beskerming van sekere vertroulike inligting
66. Verpligte beskerming van veiligheid van individue, en beskerming van eiendom
67. Verpligte beskerming van rekords geprivilegieerd van voorlegging in geregtelike verrigtinge
68. Kommersiële aktiwiteite van privaatliggame
69. Verpligte beskerming van navorsingsinligting van derde party, en beskerming van navorsingsinligting van privaatliggaam
70. Verpligte openbaarmaking in openbare belang
HOOFSTUK 5
DERDEPARTYKENNISGEWING EN -INGRYPING
71. Kennisgewing aan derde partye
72. Vertoë en toestemming deur derde partye
73. Besluit oor vertoë vir weiering en kennisgewing daarvan
DEEL 6
APPÈLLE TEEN BESLUITE
HOOFSTUK 1
INTERNE APPÈLLE TEEN BESLUITE VAN INLIGTINGSBEAMPTES VAN SEKERE OPENBARE LIGGAME
74. Reg op interne appèl na tersaaklike owerheid
75. Wyse van interne appèl, en appèlgelde
76. Kennisgewing aan en vertoë deur ander belanghebbende persone
77. Besluit oor interne appèl en kennisgewing daarvan
HOOFSTUK 2
AANSOEKE BY HOF
78. Aansoeke betreffende besluite van inligtingsbeamptes of tersaaklike owerhede van openbare liggame of van hoofde van privaatliggame
79. Prosedure
80. Openbaarmaking van rekords aan, en nie-openbaarmaking deur, hof
81. Verrigtinge is siviel
82. Beslissing oor aansoek
DEEL 5
MENSEREGTEKOMMISSIE
83. Bykomende funksies van Menseregtekommissie
84. Verslag aan Nasionale Vergadering deur Menseregtekommissie

Outeursreg Juta & Kie Beperk

85. Uitgawes van Menseregtekommissie ingevolge Wet
DEEL 6
OORGANGSBEPALINGS
86. Toepassing van ander wetgewing wat vir toegang voorsiening maak
87. Verlengde tydperke om met versoeke te handel binne eerste twee jaar
88. Regstelling van persoonlike inligting
DEEL 7
ALGEMENE BEPALINGS
89. Aanspreeklikheid
90. Misdrywe
91. Wysiging van Wet op Openbare Beskermer 23 van 1994
91A. Aanwysing en opleiding van voorsittende beamptes
[A. 91A ingevoeg by a. 2 van Wet 54 van 2002.]
92. Regulasies
93. Kort titel en inwerkingtreding
BYLAE

## DEEL 1
## INLEIDENDE BEPALINGS (aa 1-10)
## HOOFSTUK 1
## WOORDOMSKRYWING EN INTERPRETASIE (aa 1-2)

### 1 Woordomskrywing

In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

**"aansoek"** 'n aansoek by 'n hof ingevolge artikel 78;

**"beampte"**, met betrekking tot 'n openbare of privaatliggaam-

*(a)* enige persoon (permanent of tydelik en voltyds of deeltyds) in diens van die openbare of privaatliggaam, na gelang van die geval, insluitende die hoof van die liggaam, in sy of haar hoedanigheid as sodanig; of

*(b)* 'n lid van die openbare of privaatliggaam, in sy of haar hoedanigheid as sodanig;

**"derde party"**, met betrekking tot 'n versoek om toegang tot-

*(a)* 'n rekord van 'n openbare liggaam, enige ander persoon (insluitende, maar nie beperk nie tot, die regering van 'n vreemde staat, 'n internasionale organisasie of 'n orgaan van daardie regering of organisasie) as-

(i) die betrokke versoeker; en

(ii) 'n openbare liggaam; of

*(b)* 'n rekord van 'n privaatliggaam, enige ander persoon (insluitende, maar nie beperk nie tot, 'n openbare liggaam) as die versoeker,

maar, vir die doeleindes van artikels 34 en 64, moet die verwysing na "persoon" in paragrawe *(a)* en *(b)* as 'n verwysing na 'natuurlike persoon" uitgelê word;

**"evalueringsgegewens"** 'n evaluering of mening opgestel met die doel om-

*(a)* die geskiktheid, benoembaarheid of kwalifikasies van die persoon met wie of waarmee die evaluering of mening verband hou, te bepaal-

(i) vir indiensneming of vir aanstelling in 'n amp;

(ii) vir bevordering in diens of in 'n amp of vir voortsetting van diens of 'n amp;

(iii) vir ontslag uit diens of amp; of

(iv) vir die toeken van 'n studiebeurs, toekenning, beurs, eerbewys of soortgelyke voordeel; of

Outeursreg Juta & Kie Beperk

*(b)* te bepaal of 'n studiebeurs, toekenning, beurs, eerbewys of soortgelyke voordeel voortgesit, gewysig, gekanselleer of hernu moet word;

**"gesondheidspraktisyn"** 'n individu wat 'n beroep beoefen, en ingevolge wetgewing geregistreer is om dit te beoefen, wat die verskaffing van sorg of behandeling vir die fisiese of geestelike gesondheid of die welsyn van individue behels;

**"Grondwet"** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);

**"hierdie Wet"** ook enige regulasie uitgevaardig en van krag ingevolge artikel 92;

**"hof"**-

*(a)* die Konstitusionele Hof handelende ingevolge artikel 167 (6) *(a)* van die Grondwet; of

*(b)* (i) 'n Hoë Hof of ander hof van soortgelyke status; of

(ii) 'n Landdroshof, hetsy in die algemeen of ten opsigte van 'n spesifieke klas van besluite ingevolge hierdie Wet, wat deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys is, waarin 'n landdros of 'n addisionele landdros ingevolge artikel 91A aangewys, voorsit,

in wie se regsgebied-

*(aa)* die besluit van die inligtingsbeampte of tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam of die hoof van 'n privaatliggaam geneem is;

*(bb)* die betrokke openbare liggaam of privaatliggaam sy hoofplek van administrasie of besigheid het; of

*(cc)* die betrokke versoeker of derde party gedomisilieerd of gewoonlik woonagtig is;

[Omskrywing van "hof" vervang by a. 1 van Wet 54 van 2002.]

**"hoof"** van, of met betrekking tot, 'n privaatliggaam-

*(a)* in die geval van 'n natuurlike persoon, daardie natuurlike persoon of enige persoon wat behoorlik deur daardie natuurlike persoon gemagtig is;

*(b)* in die geval van 'n vennootskap, enige vennoot van die vennootskap of enige persoon wat behoorlik deur die vennootskap gemagtig is;

*(c)* in die geval van 'n regspersoon-

(i) die hoof- uitvoerende beampte of ranggelyke beampte van die regspersoon of enige persoon wat behoorlik deur daardie beampte gemagtig is; of

(ii) die persoon wat as sodanig optree of enige persoon wat behoorlik deur sodanige waarnemende persoon gemagtig is;

**"individu se naasbestaande"**-

*(a)* 'n individu met wie die individu getroud was onmiddellik voor die individu se dood;

*(b)* 'n individu met wie die individu saamgeleef het asof hulle getroud was onmiddellik voor die individu se dood;

*(c)* 'n ouer, kind, broer of suster van die individu; of

*(d)* indien-

(i) daar geen naasbestaandes bedoel in paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* is nie; of

(ii) die betrokke versoeker alle redelike stappe gedoen het om sodanige

Outeursreg Juta & Kie Beperk

naasbestaande op te spoor, maar onsuksesvol was,
'n individu wat aan die individu verwant is in die tweede graad van aan- of bloedverwantskap;

**"inligtingsbeampte"** van, of met betrekking tot, 'n openbare liggaam-

*(a)* in die geval van 'n nasionale departement, provinsiale administrasie of organisasiekomponent-

(i) vermeld in die eerste kolom van Bylae 1 of 3 van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), die beampte wat die bekleër van die pos is met die benaming vermeld in Kolom 2 van gemelde Bylae 1 of 3 teenoor die naam van die tersaaklike nasionale departement, provinsiale administrasie of organisasiekomponent of die beampte wat as sodanig optree; of

(ii) nie aldus vermeld nie, onderskeidelik die Direkteur-generaal, hoof, uitvoerende beampte of ranggelyke beampte, van daardie nasionale departement, provinsiale administrasie of organisasiekomponent of die beampte wat as sodanig optree;

[Sub-par. (ii) gewysig by a. 21 van Wet 42 van 2001.]

*(b)* in die geval van 'n munisipaliteit, die munisipale bestuurder wat ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), aangestel is, of die persoon wat as sodanig optree;

*(c)* in die geval van enige ander openbare liggaam, die hoof- uitvoerende beampte, of ranggelyke beampte, van daardie openbare liggaam of die persoon wat as sodanig optree;

**"internasionale organisasie"** 'n internasionale organisasie-

*(a)* van state; of

*(b)* ingestel deur die regerings van state;

**"interne appèl"** 'n interne appèl na die tersaaklike owerheid ingevolge artikel 74;

**"kennisgewing"** skriftelike kennisgewing, en het "kennis gee", "kennis gegee", "in kennis stel" en "in kennis gestel" ooreenstemmende betekenisse;

**"Menseregtekommissie"** die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie bedoel in artikel 181 (1) *(b)* van die Grondwet;

**"Minister"** die Kabinetslid wat vir regspleging verantwoordelik is;

**"ondermynende of vyandelike aktiwiteite"**-

*(a)* aggressie teen die Republiek;

*(b)* sabotasie of terrorisme gerig teen die mense van die Republiek of 'n strategiese bate van die Republiek, hetsy binne of buite die Republiek;

*(c)* 'n aktiwiteit gerig op verandering van die grondwetlike orde van die Republiek deur die gebruik van dwang of geweld; of

*(d)* 'n buitelandse of vyandelike intelligensie-operasie;

**"oogmerke van hierdie Wet"** die oogmerke van hierdie Wet bedoel in artikel 9;

**"oorplaas"**, met betrekking tot 'n rekord, om ingevolge artikel 20 (1) of (2) oor te plaas, en het "oorgeplaas" 'n ooreenstemmende betekenis;

**"openbare liggaam"**-

*(a)* enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale of provinsiale regeringsfeer of enige munisipaliteit in die plaaslike regeringsfeer; of

*(b)* enige ander funksionaris of instelling wanneer ingevolge-

Outeursreg Juta & Kie Beperk

(i) die Grondwet of 'n provinsiale grondwet 'n bevoegdheid uitgeoefen of 'n plig verrig word; of

(ii) wetgewing 'n openbare bevoegdheid uitgeoefen of 'n openbare plig verrig word;

**"persoon"** 'n natuurlike persoon of 'n regspersoon;

**"persoonlike inligting"** inligting oor 'n identifiseerbare individu, insluitende, maar nie beperk nie tot-

*(a)* inligting met betrekking tot die ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, nasionale, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, fisiese of geestelike gesondheid, welsyn, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte van die individu;

*(b)* inligting met betrekking tot die opvoeding of die mediese, kriminele of werksgeskiedenis van die individu of inligting met betrekking tot finansiële transaksies waarby die individu betrokke was;

*(c)* enige identifiserende nommer, simbool of ander besonderheid wat aan die individu toegewys is;

*(d)* die adres, vingerafdrukke of bloedsoort van die individu;

*(e)* die persoonlike menings, sienings of voorkeure van die individu, behalwe waar hulle oor 'n ander individu handel of oor 'n voorstel vir die gee van 'n bewilliging, 'n toekenning of 'n prys aan 'n ander individu;

*(f)* korrespondensie gestuur deur die individu wat vanselfsprekend of uitdruklik van 'n private of vertroulike aard is of verdere korrespondensie wat die inhoud van die oorspronklike korrespondensie aan die lig sal bring;

*(g)* die sienings of menings van 'n ander individu oor die individu;

*(h)* die sienings of menings van 'n ander individu oor 'n voorstel vir die gee van 'n bewilliging, 'n toekenning of 'n prys aan die individu, maar uitgesonderd die naam van die ander individu waar dit verskyn met die sienings of menings van die ander individu; en

*(i)* die naam van die individu waar dit verskyn met ander persoonlike inligting met betrekking tot die individu of waar die openbaarmaking van die naam self inligting oor die individu aan die lig sal bring,

maar sluit inligting uit oor 'n individu wat meer as 20 jaar dood is;

**"persoonlike versoeker"** 'n versoeker wat toegang verlang tot 'n rekord wat persoonlike inligting oor die versoeker bevat;

**"privaatliggaam"**-

*(a)* 'n natuurlike persoon wat 'n bedryf, beroep of professie beoefen of beoefen het, maar slegs in sodanige hoedanigheid;

*(b)* 'n vennootskap wat 'n bedryf, beroep of professie beoefen of beoefen het; of

*(c)* enige voormalige of bestaande regspersoon,

maar uitgesonderd 'n openbare liggaam;

**"rekord"** van, of met betrekking tot, 'n openbare of privaatliggaam, enige opgetekende inligting-

*(a)* ongeag vorm of medium;

Outeursreg Juta & Kie Beperk

*(b)* in die besit van of onder die beheer van daardie openbare of privaatliggaam, onderskeidelik; en

*(c)* ongeag of dit onderskeidelik deur daardie openbare of privaatliggaam geskep is, al dan nie;

**"risiko vir openbare veiligheid of die omgewing"** skade of risiko aan of vir die omgewing of die publiek (insluitende individue in hulle werkplek) wat in verband staan met-

*(a)* 'n produk of diens wat aan die publiek beskikbaar is;

*(b)* 'n stof wat in die omgewing, insluitende, maar nie beperk nie tot, die werkplek, vrygelaat word;

*(c)* 'n stof wat vir menslike of dierlike verbruik bedoel is;

*(d)* 'n openbare vervoermiddel; of

*(e)* 'n installasie of vervaardigingsproses, of stof wat in daardie installasie of proses gebruik word;

**"tersaaklike owerheid"**, met betrekking tot-

*(a)* 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(a)* van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in die nasionale regeringsfeer-

(i) in die geval van die Kantoor van die Presidensie, die persoon skriftelik deur die President aangewys; of

(ii) in enige ander geval, die Minister verantwoordelik vir daardie openbare liggaam of die persoon skriftelik deur daardie Minister aangewys;

*(b)* 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(a)* van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in die provinsiale regeringsfeer-

(i) in die geval van die Kantoor van die Premier, die persoon skriftelik deur die Premier aangewys; of

(ii) in enige ander geval, die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir daardie openbare liggaam of die persoon skriftelik deur daardie lid aangewys; of

*(c)* 'n munisipaliteit-

(i) die burgemeester;

(ii) die speaker; of

(iii) enige ander persoon,

skriftelik deur die Munisipale Raad van daardie munisipaliteit aangewys;

**"toegangsgelde"** gelde voorgeskryf vir die doeleindes van artikel 22 (6) of 54 (6), na gelang van die geval;

**"versoek om toegang"**, met betrekking tot-

*(a)* 'n openbare liggaam, 'n versoek om toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam ingevolge artikel 11; of

*(b)* 'n privaatliggaam, 'n versoek om toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam ingevolge artikel 50;

**"versoeker"**, met betrekking tot-

*(a)* 'n openbare liggaam-

(i) enige persoon (behalwe 'n openbare liggaam beoog in paragraaf *(a)* of *(b)* (i) van die woordomskrywing van "openbare liggaam", of 'n beampte daarvan) wat 'n versoek om toegang tot 'n rekord van

Outeursreg Juta & Kie Beperk

daardie openbare liggaam rig; of

(ii) 'n persoon wat namens die persoon bedoel in subparagraaf (i) optree;

*(b)* 'n privaatliggaam-

(i) enige persoon, insluitende, maar nie beperk nie tot, 'n openbare liggaam of 'n beampte daarvan, wat 'n versoek om toegang tot 'n rekord van daardie privaatliggaam rig; of

(ii) 'n persoon wat namens die persoon bedoel in subparagraaf (i) optree;

**"voorgeskryf"** voorgeskryf by regulasie ingevolge artikel 92;

**"werkdae"** enige ander dae as Saterdae, Sondae of openbare vakansiedae, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994 (Wet 36 van 1994).

### 2 Uitleg van Wet

(1) By die uitleg van 'n bepaling van hierdie Wet moet elke geregshof voorkeur gee aan enige redelike uitleg van die bepaling wat met die oogmerke van hierdie Wet bestaanbaar is, bo enige ander uitleg wat met daardie oogmerke onbestaanbaar is.

(2) Artikel 12 moet nie uitgelê word nie om-

*(a)* die Kabinet en sy komitees; of

*(b)* 'n individuele lid van die Parlement of van 'n provinsiale wetgewer,

uit te sluit van die werking van die woordomskrywing van "versoeker" met betrekking tot 'n privaatliggaam in artikel 1, artikel 50 en al die ander bepalings van hierdie Wet wat daarop betrekking het.

[Sub-a. (2) gewysig by a. 21 van Wet 42 van 2001.]

(3) Vir doeleindes van hierdie Wet is die Suid-Afrikaanse Inkomstediens wat by artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet 34 van 1997), ingestel is en in artikel 35 (1) bedoel, 'n openbare liggaam.

## HOOFSTUK 2
## ALGEMENE TOEPASSINGSBEPALINGS (aa 3-8)

### 3 Wet van toepassing op rekord wanneer dit ontstaan het

Hierdie Wet is van toepassing op-

*(a)* 'n rekord van 'n openbare liggaam; en

*(b)* 'n rekord van 'n privaatliggaam,

ongeag wanneer die rekord ontstaan het.

### 4 Rekord gehou deur beampte of onafhanklike kontrakteur van openbare liggaam of privaatliggaam

Vir doeleindes van hierdie Wet, maar behoudens artikel 12, word 'n rekord in die besit of onder die beheer van-

*(a)* 'n beampte van 'n openbare liggaam of privaatliggaam in sy of haar hoedanigheid as sodanig; of

*(b)* 'n onafhanklike kontrakteur in diens geneem deur 'n openbare liggaam of privaatliggaam in die hoedanigheid as sodanige kontrakteur,

beskou as synde 'n rekord van onderskeidelik daardie openbare liggaam of privaatliggaam te wees.

### 5 Toepassing van ander wetgewing wat openbaarmaking verbied of beperk

Hierdie Wet is van toepassing tot die uitsluiting van 'n bepaling van ander wetgewing wat-

*(a)* die openbaarmaking van 'n rekord van 'n openbare liggaam of privaatliggaam verbied of beperk; en

Outeursreg Juta & Kie Beperk

*(b)* wesenlik onbestaanbaar is met 'n doelstelling, of 'n besondere bepaling, van hierdie Wet.

**6 Toepassing van ander wetgewing wat vir toegang voorsiening maak**

Niks in hierdie Wet verhoed die verlening van toegang tot-

*(a)* 'n rekord van 'n openbare liggaam ingevolge enige wetgewing bedoel in Deel 1 van die Bylae nie; of

*(b)* 'n rekord van 'n privaatliggaam ingevolge enige wetgewing bedoel in Deel 2 van die Bylae nie.

**7 Wet nie van toepassing op rekords nie wat na aanvang van verrigtinge vir straf- of siviele verrigtinge versoek word**

[Opskrif gewysig by a. 23 van Wet 42 van 2001.]

(1) Hierdie Wet is nie van toepassing nie op 'n rekord van 'n openbare liggaam of privaatliggaam indien-

*(a)* daardie rekord vir doeleindes van straf- of siviele verrigtinge aangevra word;

*(b)* dit aldus versoek word na die aanvang van daardie straf- of siviele verrigtinge, na gelang van die geval; en

*(c)* die voorlegging van of toegang tot daardie rekord vir die doeleinde bedoel in paragraaf *(a)* in enige ander reg gereël word.

(2) 'n Rekord verkry op 'n wyse wat in stryd is met subartikel (1), is nie as getuienis toelaatbaar in die straf- of siviele verrigtinge in daardie subartikel bedoel nie tensy die uitsluiting van daardie rekord deur die betrokke hof na sy mening nadelig vir die belange van geregtigheid sal wees.

**8 Deel van toepassing by verrigting van funksies as openbare of privaatliggaam**

(1) Vir doeleindes van hierdie Wet kan 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(b)* (ii) van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1 of 'n privaatliggaam-

*(a)* óf 'n openbare liggaam óf 'n privaatliggaam met betrekking tot 'n rekord van daardie liggaam wees; en

*(b)* in een geval 'n openbare liggaam wees en in 'n ander geval 'n privaatliggaam wees afhangende daarvan of daardie rekord betrekking het op die uitoefening van 'n bevoegdheid of verrigting van 'n funksie as 'n openbare liggaam of as 'n privaatliggaam.

(2) 'n Versoek om toegang tot 'n rekord wat vir die doeleinde van of met betrekking tot die uitoefening van 'n bevoegdheid of die verrigting van 'n funksie gehou word-

*(a)* as 'n openbare liggaam, moet ingevolge artikel 11 gerig word;

*(b)* as 'n privaatliggaam, moet ingevolge artikel 50 gerig word.

(3) Die bepalings van Dele 1, 2, 4, 5, 6 en 7 is van toepassing op 'n versoek om toegang tot 'n rekord wat betrekking het op 'n bevoegdheid of funksie wat uitgeoefen of verrig word as 'n openbare liggaam.

(4) Die bepalings van Dele 1, 3, 4, 5, 6 en 7 is van toepassing op 'n versoek om toegang tot 'n rekord wat betrekking het op 'n bevoegdheid of funksie wat uitgeoefen of verrig word as 'n privaatliggaam.

## HOOFSTUK 3
## ALGEMENE INLEIDENDE BEPALINGS (aa 9-10)

Outeursreg Juta & Kie Beperk

## 9 Oogmerke van Wet

Die oogmerke van hierdie Wet is-

*(a)* om gevolg te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot-

(i) enige inligting wat deur die Staat gehou word; en

(ii) enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word;

*(b)* om gevolg te gee aan daardie reg-

(i) behoudens regverdigbare beperkings, insluitende, maar nie beperk nie tot, beperkings wat gemik is op die redelike beskerming van privaatheid, kommersiële vertroulikheid en doeltreffende, effektiewe en goeie bestuur; en

(ii) op 'n wyse wat daardie reg en ander regte, met inbegrip van die regte in die Handves van Regte in Hoofstuk 2 van die Grondwet, teen mekaar opweeg;

*(c)* om gevolg te gee aan die grondwetlike verpligtinge van die Staat om 'n kultuur van menseregte en maatskaplike geregtigheid te bevorder deur openbare liggame by die omskrywing van "versoeker" in te sluit wat hulle onder andere toelaat om toegang tot inligting van privaatliggame te verkry by voldoening aan die vier vereistes van hierdie Wet, met inbegrip van 'n bykomende verpligting op sekere openbare liggame om in sekere gevalle in die openbare belang op te tree;

*(d)* om vrywillige en verpligte meganismes of prosedures daar te stel ten einde gevolg te gee aan daardie reg op 'n wyse wat persone in staat sal stel om toegang tot rekords van openbare liggame en privaatliggame so vinnig, goedkoop en moeitevry as wat redelikerwys moontlik is, te verkry; en

*(e)* in die algemeen, om deursigtigheid, verantwoordingspligtigheid en doeltreffende bestuur van alle openbare en privaatliggame te bevorder deur, insluitende, maar nie beperk nie tot, elkeen te bemagtig en op te lei-

(i) om hulle regte ingevolge hierdie Wet te verstaan ten einde hulle regte ten aansien van openbare liggame en privaatliggame af te dwing;

(ii) om die funksies en werking van openbare liggame te verstaan; en

(iii) om besluitneming deur openbare liggame wat hulle regte raak, doeltreffend na te gaan en daaraan deel te neem.

## 10 Gids oor hoe om Wet te gebruik

(1) Die Menseregtekomissie moet, binne drie jaar na die inwerkingtreding van hierdie artikel, in elke amptelike taal 'n gids publiseer wat in 'n maklik verstaanbare vorm en wyse die inligting bevat wat redelikerwys benodig word deur 'n persoon wat enige reg in hierdie Wet beoog, wil uitoefen.

[Sub-a. (1) vervang by a. 20 van Wet 55 van 2003.]

(2) Die gids moet, sonder om die algemeenheid van subartikel (1) in te kort, 'n beskrywing insluit van-

*(a)* die oogmerke van hierdie Wet;

*(b)* die pos- en straatadres, telefoon- en faksnommer en, indien beskikbaar, elektroniese posadres van-

(i) die inligtingsbeampte van elke openbare liggaam; en

Outeursreg Juta & Kie Beperk

(ii) elke adjunk-inligtingsbeampte van elke openbare liggaam aangewys ingevolge artikel 17 (1);

[Sub-par. (ii) gewysig by a. 24 van Wet 42 van 2001.]

*(c)* die besonderhede van elke privaatliggaam wat doenlik is;

*(d)* die wyse waarop en vorm waarin 'n versoek om-

(i) toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam beoog in artikel 11 gerig moet word;

(ii) toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam beoog in artikel 50 gerig moet word;

*(e)* die bystand beskikbaar vanaf die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam ingevolge hierdie Wet;

*(f)* die bystand beskikbaar van die Menseregtekommissie ingevolge hierdie Wet;

*(g)* alle regsmiddele beskikbaar betreffende 'n handeling of versuim om te handel ten opsigte van 'n reg verleen of plig opgelê by hierdie Wet, insluitende die wyse waarop-

(i) 'n interne appèl aangeteken moet word; en

(ii) 'n aansoek by 'n geregshof ingedien moet word teen 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam, 'n besluit op interne appèl en 'n besluit van die hoof van 'n privaatliggaam;

*(h)* die bepalings van artikels 14 en 51 wat onderskeidelik van 'n openbare liggaam en privaatliggaam vereis om 'n handleiding saam te stel, en hoe om toegang tot die handleiding te verkry;

*(i)* die bepalings van artikels 15 en 52 wat vir vrywillige openbaarmaking van kategorieë rekords van onderskeidelik 'n openbare liggaam en 'n privaatliggaam voorsiening maak;

*(j)* die kennisgewings wat ingevolge artikels 22 en 54 uitgevaardig is betreffende gelde wat met betrekking tot versoeke om toegang betaal moet word; en

*(k)* die regulasies ingevolge artikel 92 uitgevaardig.

(3) Die Menseregtekommissie moet, indien nodig, met tussenposes van hoogstens twee jaar die gids bywerk en publiseer.

(4) Die gids moet soos voorgeskryf beskikbaar gestel word.

[Datum van inwerkingtreding van a. 10: 15 Februarie 2002.]

## DEEL 2
## TOEGANG TOT REKORDS VAN OPENBARE LIGGAME (aa 11-49)
## HOOFSTUK 1
## REG VAN TOEGANG, EN BEPAALDE TOEPASSINGSBEPALINGS (aa 11-13)

### 11 Reg van toegang tot rekords van openbare liggame

(1) 'n Versoeker moet toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam toegestaan word indien-

*(a)* daardie versoeker aan al die prosedurele vereistes van hierdie Wet voldoen wat betrekking op 'n versoek vir daardie rekord het; en

*(b)* toegang tot daardie rekord nie geweier is nie ingevolge enige grond vir weiering wat in Hoofstuk 4 van hierdie Deel beoog word.

(2) 'n Versoek in subartikel (1) beoog, sluit 'n versoek in om toegang tot 'n rekord

Outeursreg Juta & Kie Beperk

wat persoonlike inligting van die versoeker bevat.

(3) 'n Versoeker se reg tot toegang in subartikel (1) beoog, word behoudens hierdie Wet nie geraak nie deur-

*(a)* enige redes wat die versoeker gee vir die versoek om toegang; of

*(b)* die inligtingsbeampte se mening wat die versoeker se redes vir die versoek om toegang is.

**12 Wet nie van toepassing nie op sekere openbare liggame of beamptes daarvan**

Hierdie Wet is nie van toepassing nie op 'n rekord-

*(a)* van die Kabinet en sy komitees;

*(b)* met betrekking tot die regterlike funksies van-

(i) 'n hof in artikel 166 van die Grondwet bedoel;

(ii) 'n Spesiale Tribunaal ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet 74 van 1996); of

(iii) 'n regterlike amptenaar van sodanige hof of Spesiale Tribunaal;

*(c)* van 'n individuele lid van die Parlement of van 'n provinsiale wetgewer in daardie hoedanigheid; of

*(d)* wat verband hou met 'n besluit bedoel in paragraaf *(gg)* van die omskrywing van "administratiewe handeling" in artikel 1 van die "Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act 3 of 2000)", met betrekking tot die benoeming, verkiesing of aanstelling van 'n regterlike amptenaar of enige ander persoon ingevolge enige wet deur die Regterlike Dienskommissie.

[A. 12 vervang by a. 25 van Wet 42 van 2001 en by a. 21 van Wet 55 van 2003.]

**13 Liggaam as deel van ander openbare liggaam bepaal**

Vir doeleindes van hierdie Wet kan die Minister, uit eie beweging of op versoek van die tersaaklike openbare liggaam of liggame of 'n liggaam in paragraaf *(c)* bedoel, by kennisgewing in die *Staatskoerant*-

*(a)* bepaal dat 'n openbare liggaam as deel van 'n ander openbare liggaam geag moet word;

*(b)* bepaal dat 'n kategorie openbare liggame as een openbare liggaam geag moet word met die inligtingsbeampte wat die Minister aanwys; en

*(c)* indien daar twyfel is of 'n liggaam 'n afsonderlike openbare liggaam is of deel vorm van 'n openbare liggaam, bepaal dat die liggaam-

(i) 'n afsonderlike liggaam is; of

(ii) deel vorm van 'n openbare liggaam.

[A. 13 gewysig by a. 26 van Wet 42 van 2001.]

## HOOFSTUK 2

## PUBLIKASIE EN BESKIKBAARHEID VAN SEKERE REKORDS (aa 14-16)

**14 Handleiding oor werksaamhede van, en register van rekords gehou deur, openbare liggaam**

(1) Binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie artikel of die totstandkoming van 'n openbare liggaam moet die inligtingsbeampte van die betrokke openbare liggaam in minstens drie amptelike tale 'n handleiding opstel wat-

*(a)* 'n beskrywing van sy struktuur en werksaamhede bevat;

*(b)* die pos- en straatadres, telefoon- en faksnommer en, indien beskikbaar,

Outeursreg Juta & Kie Beperk

elektroniese posadres van die inligtingsbeampte van die liggaam en van elke adjunk-inligtingsbeampte van die liggaam ingevolge artikel 17 (1) aangewys, bevat;

[Par. *(b)* gewysig by a. 27 van Wet 42 van 2001.]

*(c)* 'n beskrywing van die gids in artikel 10 bedoel, indien beskikbaar, en hoe om toegang daartoe te verkry, bevat;

*(d)* voldoende besonderhede bevat om 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam te vergemaklik, 'n beskrywing van die onderwerpe waaroor die liggaam rekords hou en die kategorieë rekords gehou oor elke onderwerp bevat;

*(e)* die jongste kennisgewing ingevolge artikel 15 (2) bevat, indien enige, betreffende die kategorieë rekords van die liggaam wat beskikbaar is sonder dat 'n persoon 'n versoek om toegang ingevolge hierdie Wet hoef te rig;

*(f)* 'n beskrywing van die liggaam se dienste wat vir lede van die publiek beskikbaar is en hoe om toegang tot daardie dienste te verkry, bevat;

*(g)* 'n beskrywing bevat van enige reëling of voorsiening vir 'n persoon (uitgesonderd 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(a)* of *(b)* (i) van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1) om deur middel van oorlegpleging, die rig van vertoë of andersins, deel te neem aan of invloed uit te oefen op-

(i) die formulering van beleid; of

(ii) die uitoefening van bevoegdhede of die verrigting van pligte,

deur die liggaam;

*(h)* 'n beskrywing van alle regsmiddele beskikbaar ten opsigte van 'n handeling of 'n versuim om te handel deur die liggaam bevat; en

*(i)* die ander inligting bevat wat voorgeskryf mag word.

(2) 'n Openbare liggaam moet, indien nodig, sy handleiding bedoel in subartikel (1) met tussenposes van hoogstens een jaar bywerk en publiseer.

(3) Elke handleiding moet soos voorgeskryf beskikbaar gestel word.

(4) *(a)* Indien die werksaamhede van twee of meer openbare liggame nou verband hou, kan die Minister op versoek of uit eie beweging bepaal dat die twee of meer liggame slegs een handleiding publiseer.

*(b)* Die koste van daardie publikasie moet tussen die tersaaklike liggame soos deur die Minister bepaal, gedeel word.

(5) [i]* Die Minister kan weens sekuriteitsredes, administratiewe of finansiële redes, op versoek of uit eie beweging, by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige openbare liggaam of kategorie openbare liggame van enige bepaling van hierdie artikel vir die tydperk wat die Minister goed ag, vrystel.

[Datum van inwerkingtreding van a. 14: 15 Februarie 2002.]

## 15 Vrywillige openbaarmaking en outomatiese beskikbaarheid van sekere rekords

(1) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(a)* of *(b)* (i) van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1 moet, op 'n periodieke grondslag van minstens een maal elke jaar, by die Minister 'n beskrywing indien van-

*(a)* die kategorieë rekords van die openbare liggaam wat outomaties

Outeursreg Juta & Kie Beperk

beskikbaar is sonder dat 'n persoon 'n versoek om toegang ingevolge hierdie Wet hoef te rig, met inbegrip van die kategorieë-

(i) wat beskikbaar is vir inspeksie ingevolge ander wetgewing as hierdie Wet;

(ii) wat by die liggaam beskikbaar is vir koop of die maak van afskrifte; en

(iii) wat gratis by die liggaam beskikbaar is; en

*(b)* hoe toegang tot di, rekords verkry kan word.

(2) Die Minister moet by kennisgewing in die *Staatskoerant* op 'n periodieke grondslag van minstens een maal elke jaar en op die koste van die tersaaklike openbare liggaam-

*(a)* elke beskrywing wat ingevolge subartikel (1) ingedien word, publiseer; of

*(b)* elke beskrywing aldus gepubliseer opdateer,

na gelang van die geval.

(3) Die enigste geld (indien enige) betaalbaar vir toegang tot 'n rekord ingesluit in 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2), is voorgeskrewe gelde vir reproduksie.

(4) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam kan enige gedeelte van 'n rekord in subartikel (1) *(a)* beoog, skrap wat, op versoek om toegang ingevolge Hoofstuk 4 van hierdie Deel, geweier kan of moet word.

(5) Artikel 11 en enige ander bepalings van hierdie Wet wat betrekking het op daardie artikel, is nie van toepassing op enige kategorie rekords wat by 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2) ingesluit is nie.

### 16 Inligting in telefoongids

Die Direkteur-generaal van die nasionale departement verantwoordelik vir regeringskommunikasie en inligtingsdienste moet op daardie departement se koste die publikasie van die pos- en straatadres, telefoon- en faksnommer en, indien beskikbaar, elektroniese posadres van die inligtingsbeampte van elke openbare liggaam in elke telefoongids wat vir algemene gebruik deur die publiek uitgegee word, verseker.

[Datum van inwerkingtreding van a. 16: 15 Februarie 2002.]

## HOOFSTUK 3
## WYSE VAN TOEGANG (aa 17-32)

### 17 Aanwysing van adjunk-inligtingsbeamptes, en delegering

(1) By die toepassing van hierdie Wet moet elke openbare liggaam, behoudens wetgewing wat die indiensneming van personeel van die betrokke openbare liggaam reël, die getal persone as die adjunk-inligtingsbeamptes aanwys wat nodig is om die openbare liggaam so toeganklik moontlik te maak vir versoekers van sy rekords.

(2) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam het bevel en beheer oor elke adjunk-inligtingsbeampte van daardie liggaam.

(3) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam kan 'n bevoegdheid of plig by hierdie Wet aan daardie inligtingsbeampte verleen of opgelê, delegeer aan 'n adjunk-inligtingsbeampte van daardie openbare liggaam.

(4) Wanneer die inligtingsbeampte besluit of 'n bevoegdheid of plig ingevolge subartikel (3) gedelegeer moet word, moet die inligtingsbeampte behoorlike oorweging skenk aan die behoefte om die openbare liggaam so toeganklik moontlik te maak vir versoekers van sy rekords.

(5) Enige bevoegdheid of plig wat ingevolge subartikel (3) gedelegeer is, moet

Outeursreg Juta & Kie Beperk

uitgeoefen of verrig word onderhewig aan die voorwaardes wat die persoon wat die delegering gedoen het, nodig ag.

(6) Enige delegering ingevolge subartikel (3)-

*(a)* moet skriftelik wees;

*(b)* verhoed nie die persoon wat die delegering gedoen het om die betrokke bevoegdheid self uit te oefen of die plig self te verrig nie; en

*(c)* kan te eniger tyd skriftelik deur daardie persoon ingetrek of gewysig word.

(7) Enige reg of voorreg verkry, of enige verpligting of aanspreeklikheid opgedoen, as gevolg van 'n besluit ingevolge 'n delegering ingevolge subartikel (3) word nie geraak deur 'n daaropvolgende intrekking of wysiging van daardie besluit nie.

## 18 Vorm van versoeke

(1) 'n Versoek om toegang moet in die voorgeskrewe vorm aan die inligtingsbeampte van die betrokke openbare liggaam by sy of haar adres of faksnommer of elektroniese posadres gerig word.

(2) Die vorm vir 'n versoek om toegang voorgeskryf vir doeleindes van subartikel (1), moet van die betrokke versoeker minstens vereis-

*(a)* om voldoende besonderhede te verskaf om 'n beampte van die betrokke openbare liggaam in staat te stel om-

(i) die rekord of rekords wat versoek is, te identifiseer;

(ii) die versoeker te identifiseer;

*(b)* om aan te dui watter toepaslike vorm van toegang bedoel in artikel 29 (2) verlang word;

*(c)* om te meld of die betrokke rekord in 'n spesifieke taal verkies word;

*(d)* om 'n posadres of faksnommer van die versoeker in die Republiek te vermeld;

*(e)* om, indien die versoeker, benewens 'n skriftelike antwoord, op enige ander wyse oor die besluit oor die versoek ingelig wil word, daardie wyse en die nodige besonderhede om aldus ingelig te word, te meld;

*(f)* om, indien die versoek namens 'n persoon gerig word, tot die redelike tevredenheid van die inligtingsbeampte bewys te lewer van die hoedanigheid waarin die versoeker die versoek rig.

(3) *(a)* 'n Individu wat vanweë ongeletterdheid of 'n gebrek nie in staat is om 'n versoek om toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam ooreenkomstig subartikel (1) te rig nie, kan daardie versoek mondeling rig.

*(b)* Die inligtingsbeampte van daardie liggaam moet daardie mondelinge versoek in die voorgeskrewe vorm in skrif omskep en 'n afskrif daarvan aan die versoeker verskaf.

## 19 Plig om versoekers by te staan

(1) Indien 'n versoeker die inligtingsbeampte van-

*(a)* 'n openbare liggaam inlig dat hy of sy 'n versoek om toegang tot 'n rekord van daardie liggaam wil rig; of

*(b)* 'n openbare liggaam (behalwe 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(a)* of *(b)* (i) van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1) inlig dat hy of sy 'n versoek om toegang tot 'n rekord van 'n ander openbare liggaam wil rig,

moet die inligtingsbeampte die redelike bystand wat nodig is om die versoeker in staat te

Outeursreg Juta & Kie Beperk

stel om aan artikel 18 (1) te voldoen, gratis verleen.

(2) Indien 'n versoeker 'n versoek om toegang gerig het wat nie aan artikel 18 (1) voldoen nie, mag die betrokke inligtingsbeampte nie die versoek vanweë daardie nie-nakoming weier nie, tensy die inligtingsbeampte-

*(a)* daardie versoeker in kennis gestel het van 'n voorneme om die versoek te weier en in die kennisgewing gemeld het-

(i) die redes vir die beoogde weiering; en

(ii) dat die inligtingsbeampte of 'n ander beampte ge‹dentifiseer deur die inligtingsbeampte bystand aan daardie versoeker sal verleen ten einde die versoek te rig in 'n vorm wat die gronde vir weiering sal ophef;

*(b)* aan die versoeker 'n redelike geleentheid gegee het om om sodanige bystand te vra;

*(c)* so ver as wat redelikerwys moontlik is, die versoeker voorsien het van enige inligting (insluitende inligting oor die rekords, behalwe inligting op grond waarvan 'n versoek om toegang ingevolge hierdie Wet geweier kan of moet word ingevolge 'n bepaling van Hoofstuk 4 van hierdie Deel, gehou deur die liggaam wat ter sake is vir die versoek) wat van hulp sal wees om die versoek in daardie vorm te rig; en

*(d)* aan die versoeker 'n redelike geleentheid gegee het om die versoek te bevestig of dit te wysig ten einde aan artikel 18 (1) te voldoen.

(3) By die berekening van enige tydperk bedoel in artikel 25 (1), moet die tydperk wat begin op die datum waarop kennis gegee word ingevolge subartikel (2) en eindig op die datum waarop die persoon die betrokke versoek om toegang bevestig of wysig, buite rekening gelaat word.

(4) Indien dit by ontvangs van 'n versoek om toegang duidelik is dat dit aan 'n ander openbare liggaam gerig moes gewees het, moet die inligtingsbeampte van die betrokke openbare liggaam-

*(a)* die bystand verleen wat nodig is om die persoon in staat te stel om die versoek aan die inligtingsbeampte van die toepaslike openbare liggaam te rig; of

*(b)* die versoek ooreenkomstig artikel 20 na laasgenoemde inligtingsbeampte oorplaas,

na gelang van watter een daartoe sal lei dat die versoek vroeër gehanteer word.

## 20 Oorplaas van versoeke

(1) Indien 'n versoek om toegang gerig word aan die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam ten opsigte waarvan-

*(a)* die rekord nie in besit of onder beheer van daardie liggaam is nie maar in besit van 'n ander openbare liggaam;

*(b)* die rekord se onderwerp nouer verband hou met die funksies van 'n ander openbare liggaam as di, van die openbare liggaam van die inligtingsbeampte aan wie die versoek gerig word; of

*(c)* die rekord kommersiële inligting beoog in artikel 42 bevat waarin 'n ander openbare liggaam 'n groter kommersiële belang het,

moet die inligtingsbeampte aan wie die versoek gerig word, so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 14 dae nadat die versoek ontvang is-

Outeursreg Juta & Kie Beperk

(i) die versoek na die inligtingsbeampte van die ander openbare liggaam oorplaas of, indien daar in die geval van paragraaf *(c)* meer as een ander openbare liggaam is wat 'n kommersiële belang het, die ander openbare liggaam wat die grootste kommersiële belang het; en

(ii) indien die openbare liggaam van die inligtingsbeampte aan wie die versoek gerig word, in besit is van die rekord en dit van hulp ag om dit te doen ten einde die inligtingsbeampte van die ander openbare liggaam in staat te stel om met die versoek te handel, die rekord of 'n afskrif van die rekord aan daardie inligtingsbeampte stuur.

(2) Indien 'n versoek om toegang aan die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam gerig word ten opsigte waarvan-

*(a)* die rekord nie in besit of onder beheer van die openbare liggaam van daardie inligtingsbeampte is nie en die inligtingsbeampte nie weet in watter openbare liggaam se besit of onder watter openbare liggaam se beheer die rekord is nie;

*(b)* die onderwerp van die rekord nie nóú verband hou met die funksies van die openbare liggaam van daardie inligtingsbeampte nie en die inligtingsbeampte nie weet of die rekord nouer verband hou nie met die werksaamhede van 'n ander openbare liggaam as di, van die openbare liggaam van die inligtingsbeampte aan wie die versoek gerig word; en

*(c)* die rekord-

(i) deur of vir 'n ander openbare liggaam geskep is; of

(ii) nie aldus deur of vir 'n openbare liggaam geskep is nie maar eerste deur 'n ander openbare liggaam ontvang is,

moet die inligtingsbeampte aan wie die versoek gerig word, so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 14 dae nadat die versoek ontvang is, die versoek oorplaas na die inligtingsbeampte van die openbare liggaam deur of vir wie die rekord geskep is of wat dit eerste ontvang het, na gelang van die geval.

(3) Behoudens subartikel (4) moet die inligtingsbeampte na wie 'n versoek om toegang oorgeplaas word, voorkeur verleen aan daardie versoek in verhouding tot ander versoeke asof dit deur hom of haar ontvang is op die datum waarop dit deur die inligtingsbeampte wat die versoek oorgeplaas het, ontvang is.

(4) Indien 'n versoek om toegang oorgeplaas word, moet enige tydperk bedoel in artikel 25 (1) bereken word vanaf die datum waarop die versoek deur die inligtingsbeampte na wie die versoek oorgeplaas word, ontvang word.

(5) By die oorplasing van 'n versoek om toegang moet die inligtingsbeampte wat die oorplasing doen, onmiddellik die versoeker in kennis stel van-

*(a)* die oorplasing;

*(b)* die redes vir die oorplasing; en

*(c)* die tydperk waarbinne die versoek mee gehandel moet word.

## 21 Bewaring van rekords tot finale beslissing oor versoek

Indien die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam ontvang het, moet daardie inligtingsbeampte die stappe doen wat redelikerwys nodig is om die rekord te bewaar, sonder uitwissing van enige inligting daarin vervat, totdat die inligtingsbeampte die betrokke versoeker in kennis gestel het van sy of haar besluit ingevolge artikel 25 en-

Outeursreg Juta & Kie Beperk

*(a)* die tydperke vir die aanteken van 'n interne appèl, 'n aansoek by 'n hof of 'n appèl teen 'n beslissing van daardie hof verstryk het; of

*(b)* daardie interne appèl, aansoek of appèl teen 'n beslissing van daardie hof of ander geregtelike verrigtinge in verband met die versoek finaal beslis is,

na gelang van watter een die laatste is.

## 22 Gelde

(1) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet by kennisgewing van die versoeker, behalwe 'n persoonlike versoeker, vereis om die voorgeskrewe versoekgelde (indien enige) te betaal voordat die versoek verder geprosesseer word.

(2) Indien-

*(a)* die soektog na 'n rekord van 'n openbare liggaam ten opsigte waarvan 'n versoek om toegang deur 'n versoeker, behalwe 'n persoonlike versoeker, gedoen is; en

*(b)* die voorbereiding van die rekord vir openbaarmaking (insluitende enige reëlings beoog in artikel 29 (2) *(a)* en *(b)* (i) en (ii) *(a)*),

na die oordeel van die inligtingsbeampte van die liggaam meer as die ure sou neem wat vir hierdie doel vir versoekers voorgeskryf is, moet die inligtingsbeampte by kennisgewing van die versoeker, behalwe 'n persoonlike versoeker, vereis om die voorgeskrewe gedeelte (synde hoogstens een derde) van die toegangsgelde wat betaalbaar sou wees indien die versoek toegestaan word as 'n deposito te betaal.

(3) Die kennisgewing bedoel in subartikel (1) of (2) moet-

*(a)* die bedrag van die deposito vermeld wat ingevolge subartikel (2) betaalbaar is, indien van toepassing;

*(b)* vermeld dat die versoeker 'n interne appèl kan aanteken of 'n aansoek by 'n hof kan indien, na gelang van die geval, teen die aanbied of betaling van die versoekgeld ingevolge subartikel (1), of die aanbied of betaling van 'n deposito ingevolge subartikel (2), na gelang van die geval; en

*(c)* die prosedure (insluitende die tydperk) vir die aanteken van die interne appèl of indien van 'n aansoek, na gelang van die geval, vermeld.

(4) Indien 'n deposito betaal is ten opsigte van 'n versoek om toegang wat geweier word, moet die betrokke inligtingsbeampte die deposito aan die versoeker terugbetaal.

(5) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet 'n rekord terughou totdat die betrokke versoeker die toepaslike gelde (indien enige) betaal het.

(6) 'n Versoeker wie se versoek om toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam toegestaan is, moet toegangsgelde betaal vir reproduksie, en vir soek en voorbereiding beoog in onderskeidelik subartikel (7) *(a)* en *(b)* vir enige tyd wat redelikerwys meer as die voorgeskrewe ure vereis word om die rekord vir openbaarmaking te soek en voor te berei (insluitende die tref van reëlings beoog in artikel 29 (2) *(a)* en *(b)* (i) en (ii) *(a)*).

(7) Toegangsgelde voorgeskryf vir doeleindes van subartikel (6) moet voorsiening maak vir redelike toegangsgelde vir-

*(a)* die koste van die maak van 'n afskrif van 'n rekord, of vir 'n transkripsie van die inhoud van 'n rekord, soos beoog in artikel 29 (2) *(a)* en *(b)* (i), (ii) *(b)*, (iii) en (v) en, indien toepaslik, die posgeld; en

*(b)* die tyd wat redelikerwys benodig word om na die rekord te soek en die rekord voor te berei (insluitende die tref van enige reëlings beoog in

Outeursreg Juta & Kie Beperk

artikel 29 (2) *(a)* en *(b)* (i) en (ii) *(aa)*) vir openbaarmaking aan die versoeker.

(8) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant*-

*(a)* 'n persoon of kategorie persone vrystel van die betaling van enige gelde bedoel in hierdie artikel;

*(b)* bepaal dat enige gelde bedoel in hierdie artikel nie 'n bepaalde maksimumbedrag moet oorskry nie;

*(c)* die wyse bepaal waarop enige gelde bedoel in hierdie artikel bereken moet word;

*(d)* bepaal dat enige gelde bedoel in hierdie artikel nie van toepassing is op 'n kategorie rekords nie;

*(e)* enige persoon of rekord of kategorie persone of rekords vir 'n vasgestelde tydperk vrystel van enige gelde bedoel in subartikel (6); en

*(f)* bepaal dat wanneer die koste van insameling van enige gelde bedoel in hierdie artikel die gevraagde bedrag oorskry, sodanige geld nie van toepassing is nie.

### 23 Rekords wat nie gevind kan word of nie bestaan nie

(1) Indien-

*(a)* alle redelike stappe gedoen is om 'n gevraagde rekord op te spoor; en

*(b)* daar redelike gronde is om te vermoed dat die rekord-

(i) in die openbare liggaam se besit is, maar nie opgespoor kan word nie; of

(ii) nie bestaan nie,

moet die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam die versoeker by wyse van 'n beëdigde verklaring of 'n bevestiging in kennis stel dat dit nie moontlik is om toegang tot daardie rekord te verleen nie.

(2) Die beëdigde verklaring of bevestiging bedoel in subartikel (1) moet volle rekenskap gee van alle stappe wat gedoen is om die betrokke rekord op te spoor of om te bepaal of die rekord bestaan, na gelang van die geval, insluitende alle mededelings aan en van elke persoon wat die soektog namens die inligtingsbeampte uitgevoer het.

(3) Vir doeleindes van hierdie Wet moet die kennisgewing ingevolge subartikel (1) beskou word as 'n besluit om 'n versoek om toegang tot die rekord te weier.

(4) Indien die betrokke rekord gevind word nadat kennis ingevolge subartikel (1) gegee is, moet die betrokke versoeker toegang tot die rekord verleen word tensy toegang geweier word op 'n grond vir weiering beoog in Hoofstuk 4 van hierdie Deel.

### 24 Uitstel van toegang

(1) Indien die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam besluit om toegang tot 'n rekord te verleen, maar-

*(a)* daardie rekord moet binne 90 dae na die ontvangs of oorplasing van die versoek of die verdere tydperk wat redelikerwys nodig is om die rekord vir publisering daarvan te druk en te vertaal;

*(b)* daar word regtens geverg dat daardie rekord gepubliseer word, maar moet nog gepubliseer word; of

*(c)* daardie rekord voorberei is vir voorlegging aan 'n wetgewer of 'n bepaalde persoon, maar moet nog voorgelê word,

kan die inligtingsbeampte verlening van toegang tot die rekord vir 'n redelike tydperk

Outeursreg Juta & Kie Beperk

uitstel.

(2) Indien toegang tot 'n rekord ingevolge subartikel (1) uitgestel word, moet die inligtingsbeampte die betrokke versoeker in kennis stel-

*(a)* dat die versoeker binne 30 dae nadat daardie kennisgewing gegee word vertoë tot die inligtingsbeampte kan rig waarom die rekord voor sodanige publisering of voorlegging benodig word; en

*(b)* van die waarskynlike tydperk waarvoor toegang uitgestel sal word.

(3) Indien 'n versoeker vertoë ingevolge subartikel (2) *(a)* rig, moet die inligtingsbeampte na behoorlike oorweging van daardie vertoë die versoek om toegang toestaan slegs indien daar redelike gronde is om te glo dat die versoeker wesenlike benadeling sal ly indien toegang tot die rekord uitgestel word vir die waarskynlike tydperk bedoel in subartikel (2) *(b)*.

## 25 Besluit oor versoek en kennisgewing daarvan

(1) Tensy die bepalings met betrekking tot derde party kennisgewing en vertoë beoog in Hoofstuk 5 van hierdie Deel van toepassing is, moet die inligtingsbeampte aan wie die versoek gerig of oorgeplaas word, so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae, nadat die versoek ontvang is-

*(a)* ooreenkomstig hierdie Wet besluit of die versoek toegestaan moet word; en

*(b)* die versoeker van die besluit in kennis stel en, indien die versoeker gemeld het dat hy of sy soos beoog in artikel 18 (2) *(e)* op 'n ander wyse oor die besluit ingelig wil word, hom of haar op daardie wyse inlig indien dit redelikerwys moontlik is.

[Sub-a. (1) vervang by a. 28 van Wet 42 van 2001.]

(2) Indien die versoek om toegang toegestaan word, moet die kennisgewing ingevolge subartikel (1) *(b)*-

*(a)* die toegangsgelde (indien daar is) wat by toegang betaalbaar is, meld;

*(b)* die vorm waarin toegang verleen sal word, meld; en

*(c)* meld dat die versoeker 'n interne appèl kan aanteken of 'n aansoek by 'n hof kan indien, na gelang van die geval, teen die toegangsgelde wat betaal moet word of die vorm van toegang wat toegestaan is, en die prosedure (insluitende die tydperk) vir die aanteken van die interne appèl of indien van die aansoek, na gelang van die geval.

(3) Indien die versoek om toegang geweier word, moet die kennisgewing ingevolge subartikel (1) *(b)*-

*(a)* voldoende redes vir die weiering, insluitende die bepalings van hierdie Wet waarop gesteun word, vermeld;

*(b)* enige verwysing na die inhoud van die rekord van sodanige redes uitsluit; en

*(c)* meld dat die versoeker 'n interne appèl kan aanteken of 'n aansoek by 'n hof kan indien, na gelang van die geval, teen die weiering van die versoek, en die prosedure (insluitende die tydperk) vir die aanteken van die interne appèl of indien van die aansoek, na die gelang van die geval.

## 26 Verlenging van tydperk om met versoek te handel

(1) Die inligtingsbeampte aan wie 'n versoek om toegang gerig is of na wie dit oorgeplaas is, kan die tydperk van 30 dae bedoel in artikel 25 (1) (in hierdie artikel die

Outeursreg Juta & Kie Beperk

"oorspronklike tydperk" genoem) een maal verleng vir 'n verdere tydperk van hoogstens 30 dae, indien-

*(a)* die versoek om 'n groot aantal rekords is of die soek deur 'n groot aantal rekords verg, en nakoming van die oorspronklike tydperk onredelik met die aktiwiteite van die betrokke openbare liggaam sou inmeng;

*(b)* die versoek 'n soek verg na rekords in, of die afhaal daarvan by, 'n kantoor van die openbare liggaam wat nie in dieselfde dorp of stad as die kantoor van die inligtingsbeampte geleë is nie, wat nie redelikerwys binne die oorspronklike tydperk afgehandel kan word nie;

*(c)* oorlegpleging tussen afdelings van die openbare liggaam of met 'n ander openbare liggaam nodig of wenslik is ten einde te besluit oor die versoek wat nie redelikerwys binne die oorspronklike tydperk afgehandel kan word nie;

*(d)* meer as een van die omstandighede beoog in paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* ten opsigte van die versoek bestaan, wat dit redelikerwys onmoontlik maak om die oorspronklike tydperk na te kom; of

*(e)* die versoeker skriftelik tot sodanige verlenging inwillig.

(2) Indien 'n tydperk ingevolge subartikel (1) verleng word, moet die inligtingsbeampte so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae, nadat die versoek ontvang of oorgeplaas is, die versoeker van daardie verlenging in kennis stel.

(3) Die kennisgewing ingevolge subartikel (2) moet-

*(a)* die tydperk van die verlenging meld;

*(b)* voldoende redes vir die verlenging, insluitende die bepalings van hierdie Wet waarop gesteun word, vermeld; en

*(c)* meld dat die versoeker 'n interne appèl kan aanteken of 'n aansoek by 'n hof kan indien, na gelang van die geval, teen die verlenging, en die prosedure (insluitende die tydperk) vir die aanteken van die interne appèl of indien van die aansoek, na gelang van die geval.

### 27 Versoek wat geweier geag word

Indien 'n inligtingsbeampte versuim om die besluit oor 'n versoek om toegang binne die tydperk beoog in artikel 25 (1) aan die versoeker te gee, word die inligtingsbeampte, vir doeleindes van hierdie Wet, geag die versoek te geweier het.

### 28 Skeibaarheid

(1) Indien 'n versoek om toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam gerig word wat inligting bevat wat ingevolge enige bepaling van Hoofstuk 4 van hierdie Deel geweier kan of moet word, moet elke deel van die rekord wat-

*(a)* geen sodanige inligting bevat nie; en

*(b)* redelikerwys geskei kan word van enige deel wat sodanige inligting bevat, ondanks enige ander bepaling van hierdie Wet, openbaar gemaak word.

(2) Indien 'n versoek om toegang tot-

*(a)* 'n gedeelte van 'n rekord toegestaan word; en

*(b)* die ander gedeelte van die rekord geweier word,

soos beoog in subartikel (1), is die bepalings van artikel 25 (2) op paragraaf *(a)* van hierdie subartikel van toepassing en die bepalings van artikel 25 (3) op paragraaf *(b)* van hierdie subartikel van toepassing.

Outeursreg Juta & Kie Beperk

[Sub-a. (2) gewysig by a. 29 van Wet 42 van 2001.]

**29 Toegang en vorme van toegang**

(1) Indien 'n versoeker ingevolge artikel 25 (1) kennis gegee is dat sy of haar versoek om toegang toegestaan is, moet daardie versoeker, behoudens subartikels (3) en (9) en artikel 31-

*(a)* indien toegangsgelde betaalbaar is, by betaling van daardie gelde; of

*(b)* indien geen toegangsgelde betaalbaar is nie, onmiddellik,

toegang verleen word in die toepaslike vorme bedoel in subartikel (2) soos wat die versoeker in die versoek aangedui het, en in die taal beoog in artikel 31.

(2) Die vorme van toegang tot 'n rekord ten opsigte waarvan 'n versoek van toegang toegestaan is, is die volgende:

*(a)* Indien die rekord in skriftelike of gedrukte vorm is, deur die verskaffing van 'n afskrif van die rekord of deur die tref van reëlings vir insae in die rekord;

*(b)* indien die rekord nie in skriftelike of gedrukte vorm is nie-

(i) in die geval van 'n rekord waarvan visuele afbeeldings of gedrukte transkripsies van daardie afbeeldings gereproduseer kan word deur middel van toerusting wat normaalweg vir die betrokke openbare liggaam beskikbaar is, deur die tref van reëlings om daardie afbeeldings te besigtig of om van afskrifte of transkripsies daarvan voorsien te word;

(ii) in die geval van 'n rekord waarin woorde of inligting op 'n wyse opgeneem is wat in die vorm van klank gereproduseer kan word deur toerusting wat normaalweg vir die betrokke openbare liggaam beskikbaar is-

*(aa)* deur die tref van reëlings om daardie klanke te hoor; of

*(bb)* indien die openbare liggaam in staat is om 'n skriftelike of gedrukte transkripsie van daardie klanke te produseer deur die gebruik van toerusting wat normaalweg vir hom beskikbaar is, deur die verskaffing van so 'n transkripsie;

(iii) in die geval van 'n rekord wat op rekenaar gehou word, of in elektroniese of masjienleesbare vorm, en waarvan die betrokke openbare liggaam in staat is om 'n gedrukte afskrif van-

*(aa)* die rekord, of 'n gedeelte daarvan; of

*(bb)* inligting uit die rekord afgelei,

te produseer deur van rekenaartoerusting en vakkundigheid gebruik te maak wat normaalweg vir die openbare liggaam beskikbaar is, deur die verskaffing van so 'n afskrif;

(iv) in die geval van 'n rekord wat in rekenaarleesbare vorm beskikbaar is of gestel kan word, deur die verskaffing van 'n afskrif in daardie vorm;

(v) in enige ander geval, deur die verskaffing van 'n afskrif van die rekord.

(3) Indien 'n versoeker toegang in 'n bepaalde vorm versoek het, moet toegang, behoudens artikel 28, in daardie vorm gegee word, tensy, indien dit gedoen word, dit-

*(a)* onredelik met die doeltreffende administrasie van die betrokkke openbare

Outeursreg Juta & Kie Beperk

liggaam sal inmeng;

*(b)* nadelig vir die bewaring van die rekord sal wees; of

*(c)* sal neerkom op 'n skending van outeursreg wat nie aan die Staat of aan die betrokke openbare liggaam behoort nie.

(4) Indien 'n versoeker toegang in 'n bepaalde vorm versoek het en om 'n rede bedoel in subartikel (3) toegang in daardie vorm geweier word maar toegang in 'n ander vorm toegestaan word, mag die gelde gehef nie die gelde te bowe gaan nie wat gehef sou gewees het indien daardie versoeker toegang toegestaan was in die vorm wat versoek is.

(5) Indien 'n versoeker met 'n gestremdheid deur daardie gestremdheid verhinder word om die betrokke rekord te lees, te besigtig of daarna te luister in die vorm waarin dit deur die betrokke openbare liggaam gehou word, moet die inligtingsbeampte van daardie liggaam, indien daardie versoeker aldus versoek, redelike stappe doen om die rekord beskikbaar te stel in 'n vorm waarin dit deur die versoeker gelees, besigtig of gehoor kan word.

(6) Indien 'n rekord beskikbaar gestel word ooreenkomstig subartikel (5), mag daar nie van die versoeker verlang word om toegangsgelde te betaal wat meer is as die gelde wat hy of sy sou moes betaal het as dit nie vir die gestremdheid was nie.

(7) Indien 'n rekord ingevolge hierdie artikel aan 'n versoeker beskikbaar gestel word vir insae, besigtiging of aanhoring, kan die versoeker afskrifte maak of die rekord transkribeer deur die versoeker se toerusting te gebruik, tensy, indien dit gedoen word, dit-

*(a)* onredelik met die doeltreffende administrasie van die betrokke openbare liggaam sal inmeng;

*(b)* nadelig vir die bewaring van die rekord sal wees; of

*(c)* sal neerkom op 'n skending van outeursreg wat nie aan die Staat of die betrokke openbare liggaam behoort nie.

(8) Indien die verskaffing aan 'n versoeker van 'n afskrif van 'n rekord deur hierdie artikel vereis word, moet die afskrif, indien aldus versoek, verskaf word deur dit aan die versoeker te pos.

(9) Indien 'n interne appèl aangeteken word of 'n aansoek by 'n hof ingedien word, na gelang van die geval, teen die toestaan van 'n versoek om toegang tot 'n rekord, kan toegang tot die rekord verleen word slegs wanneer die besluit om die versoek toe te staan, finaal bevestig is.

## 30 Toegang tot gesondheids- of ander rekords

(1) Indien die inligtingsbeampte wat ingevolge artikel 11 'n versoek toestaan om toegang tot 'n rekord wat deur 'n gesondheidspraktisyn in sy of haar hoedanigheid as sodanig verskaf is rakende die fisiese of geestesgesondheid, of welsyn-

*(a)* van die versoeker; of

*(b)* indien die versoek namens die persoon gerig is op wie die rekord betrekking het, van daardie persoon,

(in hierdie artikel word na die versoeker en persoon bedoel in, onderskeidelik, paragrawe *(a)* en *(b)* verwys as die "tersaaklike persoon"), van oordeel is dat die openbaarmaking van die rekord aan die tersaaklike persoon ernstige skade aan sy of haar fisiese of geestesgesondheid, of welsyn mag aandoen, kan die inligtingsbeampte, voordat toegang ingevolge artikel 29 verleen word, 'n gesondheidspraktisyn raadpleeg wat, behoudens subartikel (2), deur die tersaaklike persoon benoem is.

(2) Indien die tersaaklike persoon-

*(a)* onder die ouderdom van 16 jaar is, moet 'n persoon wat ouerlike verantwoordelikheid vir die tersaaklike persoon het die benoeming beoog in subartikel (1) doen; of

*(b)* nie in staat is om sy of haar sake te bestuur nie, moet 'n persoon wat deur die hof aangewys is om daardie sake te bestuur daardie benoeming doen.

(3) *(a)* Indien, nadat toegang verleen is tot die betrokke rekord, die gesondheidspraktisyn met wie ingevolge subartikel (1) oorleg gepleeg is van mening is dat die openbaarmaking van die rekord aan die tersaaklike persoon waarskynlik ernstige skade aan sy of haar fisiese of geestesgesondheid of welsyn sou aandoen, mag die inligtingsbeampte slegs toegang tot die rekord verleen indien die versoeker tot bevrediging van die inligtingsbeampte toon dat voldoende voorsiening gemaak is vir die beraadslaging of reëlings wat redelikerwys uitvoerbaar is voor, gedurende of na openbaarmaking van die rekord om sodanige skade aan die tersaaklike persoon te beperk, te verlig of te vermy.

*(b)* Voordat toegang tot die rekord aldus aan die versoeker verleen word, moet die persoon wat vir sodanige beraadslaging of reëlings verantwoordelik is, toegang tot die rekord verleen word.

### 31 Taal van toegang

'n Versoeker wie se versoek om toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam toegestaan is, moet, indien daardie rekord-

*(a)* in die taal bestaan wat die versoeker verkies, in daardie taal toegang verleen word; of

*(b)* nie in die taal aldus verkies bestaan nie of die versoeker geen voorkeur het nie of nie 'n voorkeur aangedui het nie, in enige taal waarin die rekord bestaan, toegang verleen word.

### 32 Verslae aan Menseregtekommissie

Die hoof van elke openbare liggaam moet jaarliks aan die Menseregtekommissie 'n verslag voorlê wat met betrekking tot die openbare liggaam meld-

*(a)* die getal versoeke om toegang wat ontvang is;

*(b)* die getal versoeke om toegang ten volle toegestaan;

*(c)* die getal versoeke om toegang toegestaan ingevolge artikel 46;

*(d)* die getal versoeke om toegang ten volle geweier en gedeeltelik geweier en die getal kere dat elke bepaling van hierdie Wet waarop gesteun is om toegang te weier, gebruik is om weiering ten volle of gedeeltelike weiering te regverdig;

*(e)* die getal gevalle waarin die tydperke gestipuleer in artikel 25 (1) verleng is ingevolge artikel 26 (1);

*(f)* die getal interne appèlle aangeteken by die tersaaklike owerheid en die aantal gevalle waarin, as gevolg van 'n interne appèl, toegang verleen is tot 'n rekord;

[Par. *(f)* hernommer by a. 30 van Wet 42 van 2001.]

*(g)* die getal interne appèlle wat aangeteken is op grond daarvan dat 'n versoek om toegang geag geweier te gewees het ingevolge artikel 27;

[Par. *(g)* hernommer by a. 30 van Wet 42 van 2001.]

*(h)* die getal aansoeke by 'n hof wat ingedien is op grond daarvan dat 'n

Outeursreg Juta & Kie Beperk

interne appèl geag afgewys te gewees het ingevolge artikel 77 (7); en

[Par. *(h)* hernommer by a. 30 van Wet 42 van 2001.]

*(i)* sodanige ander aangeleenthede as wat voorgeskryf word.

[Par. *(i)* hernommer by a. 30 van Wet 42 van 2001.]

## HOOFSTUK 4

## GRONDE VIR WEIERING VAN TOEGANG TOT REKORDS (aa 33-46)

### 33 Interpretasie

(1) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam-

*(a)* moet 'n versoek om toegang tot 'n rekord beoog in artikel 34 (1), 35 (1), 36 (1), 37 (1) *(a)*, 38 *(a)*, 39 (1) *(a)*, 40 of 43 (1) weier; of

*(b)* kan 'n versoek om toegang tot 'n rekord beoog in artikel 37 (1) *(b)*, 38 *(b)*, 39 (1) *(b)*, 41 (1) *(a)* of *(b)*, 42 (1) of (3), 43 (2), 44 (1) of (2) of 45, weier,

tensy die bepalings van artikel 46 van toepassing is.

(2) 'n Bepaling van hierdie Hoofstuk ingevolge waarvan 'n versoek om toegang tot 'n rekord geweier moet of kan word of nie geweier kan word nie, moet nie uitgelê word nie as synde-

*(a)* beperk in die toepassing daarvan op enige wyse deur enige ander bepaling van hierdie Hoofstuk ingevolge waarvan 'n versoek om toegang geweier moet of kan word of nie geweier kan word nie; en

*(b)* nie van toepassing nie op 'n bepaalde rekord omrede 'n ander bepaling van hierdie Hoofstuk ingevolge waarvan 'n versoek om toegang geweier moet of kan word of nie geweier kan word nie, ook op daardie rekord van toepassing is.

### 34 Verpligte beskerming van privaatheid van derde party wat natuurlike persoon is

(1) Behoudens subartikel (2) moet die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die openbaarmaking daarvan die onredelike openbaarmaking van persoonlike inligting oor 'n derde party, insluitende 'n oorlede individu, sal meebring.

(2) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (1) geweier word nie vir sover dit bestaan uit inligting-

*(a)* oor 'n individu wat ingevolge artikel 48 of andersins skriftelik tot die openbaarmaking daarvan aan die betrokke versoeker toegestem het;

*(b)* wat aan die openbare liggaam gegee is deur die individu op wie dit betrekking het en die individu deur of namens die openbare liggaam ingelig is, alvorens dit gegee is, dat die inligting behoort tot 'n klas inligting wat aan die publiek beskikbaar gestel sal of sou kan word;

*(c)* reeds in die openbaar beskikbaar;

*(d)* oor die fisiese of geestelike gesondheid, of welsyn, van 'n individu wat onder die sorg van die versoeker is en wat-

(i) onder die ouderdom van 18 jaar is; of

(ii) nie in staat is om die aard van die versoek te verstaan nie,

en indien die verlening van toegang in die individu se beste belang sal wees;

*(e)* oor 'n individu wat oorlede is en die versoeker-

(i) die individu se naasbestaande is; of

Outeursreg Juta & Kie Beperk

(ii) die versoek met skriftelike toestemming van die individu se naasbestaande rig; of

*(f)* oor 'n individu wat 'n beampte van 'n openbare liggaam is of was en wat verband hou met die posisie of funksies van die individu, insluitende, maar nie beperk nie tot-

(i) die feit dat die individu 'n beampte van daardie openbare liggaam is of was;

(ii) die titel, werkadres en werktelefoonnommer van die individu en ander soortgelyke besonderhede van die individu;

(iii) die klassifikasie, salarisskaal, besoldiging en verantwoordelikhede van die posisie beklee of dienste verrig deur die individu; en

[Sub-par. (iii) gewysig by a. 31 van Wet 42 van 2001.]

(iv) die naam van die individu op 'n rekord opgestel deur die individu in die loop van sy of haar diens.

### 35 Verpligte beskerming van sekere rekords van Suid-Afrikaanse Inkomstediens

(1) Behoudens subartikel (2) moet die inligtingsbeampte van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, bedoel in artikel 2 (3), 'n versoek om toegang tot 'n rekord van daardie Diens weier indien dit inligting bevat wat verkry is of gehou word deur daardie Diens vir doeleindes van die afdwinging van wetgewing betreffende die invordering van belastinginkomste soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet 34 van 1997).

(2) 'n Rekord mag nie ingevolge subartikel (1) geweier word nie vir sover dit bestaan uit inligting oor die versoeker of die persoon namens wie die versoek gerig is.

### 36 Verpligte beskerming van kommersiële inligting van derde party

(1) Behoudens subartikel (2) moet die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord-

*(a)* handelsgeheime van 'n derde party bevat;

*(b)* finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting, behalwe handelsgeheime, van 'n derde party bevat, waarvan die openbaarmaking waarskynlik skade aan die kommersiële of finansiële belange van daardie derde party sal veroorsaak; of

*(c)* inligting bevat wat deur 'n derde party op 'n vertroulikheidsgrondslag verskaf is, waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking daarvan daardie derde party-

(i) in kontraktuele of ander onderhandelinge sal benadeel; of

(ii) in kommersiële mededinging sal benadeel.

(2) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (1) geweier word nie vir sover dit bestaan uit inligting-

*(a)* reeds in die openbaar beskikbaar;

*(b)* oor 'n derde party wat ingevolge artikel 48 of andersins skriftelik tot die openbaarmaking daarvan aan die betrokke versoeker toegestem het; of

*(c)* oor die resultate van enige toets of ondersoek oor 'n produk of die omgewing wat verskaf is deur 'n derde party of die resultaat van enige sodanige toets of ondersoek wat verrig is deur of namens 'n derde party en die openbaarmaking daarvan 'n ernstige risiko vir openbare veiligheid of die omgewing aan die lig sal bring.

Outeursreg Juta & Kie Beperk

[Par. *(c)* vervang by a. 32 van Wet 42 van 2001.]

(3) Vir doeleindes van subartikel (2) *(c)* sluit die resultate van enige toets of ander ondersoek oor 'n produk of die omgewing nie die resultate in nie van enige voorlopige toets of ander ondersoek wat vir die doel van die ontwikkeling van metodes van toets of ander ondersoek uitgevoer is.

**37 Verpligte beskerming van sekere vertroulik inligting, en beskerming van sekere ander vertroulike inligting, van derde party**

(1) Behoudens subartikel (2)-

*(a)* moet die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die openbaarmaking van die rekord 'n aksie vir 'n skending van 'n vertrouensplig wat aan 'n derde party verskuldig is, sal daarstel; of

*(b)* kan die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord inligting bevat wat deur 'n derde party op 'n vertroulikheidsgrondslag verskaf is-

(i) waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking daarvan die toekomstige verskaffing van soortgelyke rekords, of rekords uit dieselfde bron, sal benadeel; en

(ii) indien dit in openbare belang is dat daar voortgegaan sal word om die verskaffing van soortgelyke inligting, of inligting uit dieselfde bron, te verskaf.

(2) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (1) geweier word nie vir sover dit bestaan uit inligting-

*(a)* reeds in die openbaar beskikbaar is; of

*(b)* oor die betrokke derde party wat ingevolge artikel 48 of andersins skriftelik tot die openbaarmaking daarvan aan die betrokke versoeker toegestem het.

**38 Verpligte beskerming van veiligheid van individue, en beskerming van eiendom**

Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam-

*(a)* moet 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking daarvan die lewe of fisiese veiligheid van 'n individu in gevaar sal stel; of

*(b)* kan 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die openbaarmaking daarvan waarskynlik-

(i) die sekuriteit van-

*(aa)* 'n gebou, struktuur of stelsel, insluitende, maar nie beperk nie tot, 'n rekenaar- of kommunikasiestelsel;

*(bb)* 'n vervoermiddel; of

*(cc)* enige ander eiendom; of

(ii) metodes, stelsels, planne of prosedures vir die beskerming van-

*(aa)* 'n individu ooreenkomstig 'n getuiebeskermingskema;

*(bb)* die veiligheid van die publiek, of enige deel van die publiek; of

*(cc)* die sekuriteit van eiendom beoog in subparagraaf (i) *(aa)*, *(bb)* of *(cc)*,

Outeursreg Juta & Kie Beperk

sal benadeel of verswak.

**39 Verpligte beskerming van polisiedossiere in borgverrigtinge, en beskerming van regstoepassing en regsverrigtinge**

(1) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam-

*(a)* moet 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien toegang tot daardie rekord ingevolge artikel 60 (14) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), verbied word; of

*(b)* kan 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien-

(i) die rekord metodes, tegnieke, prosedures of riglyne bevat vir-

*(aa)* die voorkoming, opsporing, beperking of ondersoek van 'n oortreding of moontlike oortreding van die reg; of

*(bb)* die vervolging van vermeende oortreders,

en waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking van daardie metodes, tegnieke, prosedures of riglyne die doeltreffendheid van daardie metodes, tegnieke, prosedures of riglyne sal benadeel of tot die vermyding van die reg sal lei of die pleeg van 'n misdryf sal vergemaklik;

(ii) die vervolging van 'n vermeende oortreder dan voorberei word of 'n aanvang staan te neem of hangende is en waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking van die rekord-

*(aa)* daardie vervolging sal belemmer; of

*(bb)* daartoe sal lei dat geregtigheid nie tydens daardie vervolging geskied nie; of

(iii) daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking van die rekord-

*(aa)* die ondersoek sal benadeel na 'n oortreding van die reg of moontlike oortreding van die reg wat 'n aanvang gaan neem of aan die gang is of, indien dit opgeskort of beëindig is, waarskynlik hervat gaan word;

*(bb)* die identiteit van 'n vertroulike bron van inligting met betrekking tot die afdwinging of administrasie van die reg aan die lig sal bring of 'n persoon in staat sal stel om dit vas te stel;

*(cc)* sal lei tot intimidering van of dwang op 'n getuie, of 'n persoon wat moontlik 'n getuie mag wees of as getuie opgeroep is, in strafregtelike of ander verrigtinge vir regsafdwinging;

*(dd)* die pleeg van 'n oortreding van die reg, insluitende, maar nie beperk nie tot, behoudens subartikel (2), ontvlugting uit regmatige aanhouding sal vergemaklik; of

*(ee)* die regverdigheid van 'n verhoor of die onpartydigheid van 'n beregting sal benadeel of verswak.

(2) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (1) *(b)* (iii) *(dd)* geweier word nie vir sover dit bestaan uit inligting oor die algemene toestande van aanhouding van persone in bewaring.

(3) *(a)* Indien 'n versoek om toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam geweier moet of kan word ingevolge subartikel (1) *(a)* of *(b)*, of, indien dit bestaan het, aldus geweier kon word, en die openbaarmaking van die bestaan of nie-bestaan van die

Outeursreg Juta & Kie Beperk

rekord waarskynlik die skade beoog in subartikel (1) *(a)* of *(b)* sal veroorsaak, kan die betrokke inligtingsbeampte weier om die bestaan of nie-bestaan van die rekord te bevestig of te ontken.

*(b)* Indien die inligtingsbeampte aldus weier om die bestaan of nie-bestaan van die rekord te bevestig of te ontken, moet die kennisgewing bedoel in artikel 25 (3)-

(i) daardie feit meld;

(ii) die bepaling van subartikel (1) *(a)* of *(b)* identifiseer ingevolge waarvan toegang geweier sou gewees het indien die rekord bestaan het;

(iii) voldoende redes vir die weiering meld, soos vereis deur artikel 25 (3), vir sover dit verstrek kan word sonder om die skade beoog in subartikel (1) *(a)* of *(b)* te veroorsaak; en

[Sub-par. (iii) gewysig by a. 33 van Wet 42 van 2001.]

(iv) meld dat die betrokke versoeker 'n interne appèl of 'n aansoek by 'n hof, na gelang van die geval, teen die weiering kan aanteken of indien, soos deur artikel 25 (3) vereis.

**40 Verpligte beskerming van rekords geprivilegieerd van voorlegging in geregtelike verrigtinge**

Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam kan 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord van voorlegging in geregtelike verrigtinge geprivilegieerd is, tensy die persoon wat op die privilegie geregtig is, daarvan afstand gedoen het.

**41 Verdediging, sekuriteit en internasionale verhoudinge van Republiek**

(1) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam kan 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien-

*(a)* daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking daarvan-

(i) die verdediging van die Republiek;

(ii) die sekuriteit van die Republiek; of

(iii) behoudens subartikel (3), die internasionale verhoudinge van die Republiek,

sal benadeel; of

*(b)* die openbaarmaking daarvan inligting aan die lig sal bring wat-

(i) op 'n vertroulikheidsgrondslag deur of namens 'n ander staat of internasionale organsisasie verskaf is;

(ii) deur of namens die Republiek verskaf is aan 'n ander staat of internasionale organsisasie ingevolge 'n reëling of internasionale ooreenkoms, beoog in artikel 231 van die Grondwet, met daardie staat of internasionale organisasie wat vereis dat die inligting vertroulik gehou word; of

(iii) deur 'n internasionale ooreenkoms of internasionale gewoontereg beoog in onderskeidelik artikel 231 of 232 van die Grondwet vereis word vertroulik gehou te word.

(2) 'n Rekord beoog in subartikel (1), sonder om die algemeenheid van daardie subartikel in te kort, sluit in inligting-

*(a)* met betrekking tot militêre taktiek of strategie of militêre oefeninge of operasies wat onderneem word ter voorbereiding van vyandighede of in verband met die opsporing, voorkoming, onderdrukking of beperking van

Outeursreg Juta & Kie Beperk

ondermynende of vyandelike aktiwiteite;

*(b)* met betrekking tot die hoeveelheid, eienskappe, vermoëns, kwesbaarhede of ontplooiing van-

(i) wapens of ander toerusting wat gebruik word vir die opsporing, voorkoming, onderdrukking of beperking van ondermynende of vyandelike aktiwiteite; of

(ii) enigiets wat ontwerp, ontwikkel, vervaardig of oorweeg word vir gebruik as wapens of sodanige ander toerusting;

*(c)* met betrekking tot die eienskappe, vermoëns, kwesbaarhede, vertoning, potensiaal, ontplooiing of funksies van-

(i) enige militêre mag, eenheid of personeel; of

(ii) enige liggaam of persoon wat vir die opsporing, voorkoming, onderdrukking of beperking van ondermynende of vyandelike aktiwiteite verantwoordelik is;

*(d)* wat vir intelligensie-doeleindes gehou word met betrekking tot-

(i) die verdediging van die Republiek;

(ii) die opsporing, voorkoming, onderdrukking of beperking van ondermynende of vyandelike aktiwiteite; of

(iii) 'n ander staat of 'n internasionale organisasie wat deur of namens die Republiek in die proses van beraadslaging en oorlegpleging in die voer van internasionale verhoudinge gebruik word;

*(e)* oor metodes van, en wetenskaplike of tegniese toerusting vir, die inwin, evaluering of hantering van inligting bedoel in paragraaf *(d)*;

*(f)* oor die identiteit van 'n vertroulike bron en enige ander bron van inligting bedoel in paragraaf *(d)*;

*(g)* oor die posisies ingeneem of ingeneem te word deur die Republiek, 'n ander staat of 'n internasionale organisasie vir die doel van huidige of toekomstige internasionale onderhandelinge; of

*(h)* wat diplomatieke korrespondensie, wat met 'n ander staat of 'n internasionale organisasie gewissel is, of amptelike korrespondensie, wat met diplomatieke missies of konsulêre standplase van die Republiek gewissel is, daarstel.

(3) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (1) *(a)* (iii) geweier word nie indien dit meer as 20 jaar voor die versoek ontstaan het.

(4) *(a)* Indien 'n versoek om toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam geweier kan word ingevolge subartikel (1), of, indien dit bestaan het, aldus geweier sou kon word, en die openbaarmaking van die bestaan of nie-bestaan van die rekord waarskynlik tot die skade beoog in subartikel (1) sal lei, kan die betrokke inligtingsbeampte weier om die bestaan of nie-bestaan van die rekord te bevestig of te ontken.

[Par. *(a)* gewysig by a. 34 van Wet 42 van 2001.]

*(b)* Indien die inligtingsbeampte aldus weier om die bestaan of nie-bestaan van die rekord te bevestig of te ontken, moet die kennisgewing bedoel in artikel 25 (3)-

(i) daardie feit meld;

(ii) die bepaling van subartikel (1) identifiseer ingevolge waarvan toegang geweier sou gewees het indien die rekord bestaan het;

Outeursreg Juta & Kie Beperk

(iii) voldoende redes vir die weiering meld, soos vereis deur artikel 25 (3), vir sover dit gegee kan word sonder om die skade beoog in subartikel (1) te veroorsaak; en

(iv) meld dat die betrokke versoeker 'n interne appèl of 'n aansoek by 'n hof, na gelang van die geval, teen die weiering kan aanteken of indien, soos deur artikel 25 (3) vereis.

**42 Ekonomiese belange en finansiële welsyn van Republiek en kommersiële aktiwiteite van openbare liggame**

(1) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam kan 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die openbaarmaking daarvan waarskynlik die ekonomiese belange of finansiële welsyn van die Republiek of die vermoë van die regering om die ekonomie van die Republiek doeltreffend in die beste belang van die Republiek te bestuur, materieel in gevaar sal stel.

(2) Die inligting bedoel in subartikel (1), sonder om die algemeendheid van daardie subartikel in te kort, sluit in inligting in oor-

*(a)* 'n beoogde verandering in, of handhawing van, 'n beleid wat die valuta, muntstelsel, wettige betaalmiddele, wisselkoerse of buitelandse belegging wesenlik raak;

*(b)* 'n beoogde verandering in, of 'n besluit oor nie-verandering van-

(i) krediet- of rentekoerse;

(ii) doeane- of aksynsregte, belastings of enige ander bron van inkomste;

(iii) die regulering van of toesig oor finansiële instellings;

(iv) die aangaan van lenings deur die regering; of

(v) die regulering van pryse van goedere of dienste, huurgelde of lone, salarisse of ander inkomste; of

*(c)* 'n beoogde-

(i) verkoping of verkryging van onroerende of roerende eiendom; of

(ii) internasionale handelsooreenkoms.

(3) Behoudens subartikel (5) kan die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord-

*(a)* handelsgeheime van die Staat of 'n openbare liggaam bevat;

*(b)* finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting, behalwe handelsgeheime, bevat, waarvan die openbaarmaking waarskynlik skade aan die kommersiële of finansiële belange van die Staat of 'n openbare liggaam sal veroorsaak; of

*(c)* inligting bevat waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking daarvan 'n openbare liggaam-

(i) in kontraktuele of ander onderhandelinge sal benadeel; of

(ii) in kommersiële mededinging sal benadeel; of

*(d)* 'n rekenaarprogram, soos omskryf in artikel 1 (1) van die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet 98 van 1978), bevat, wat aan die Staat of 'n openbare liggaam behoort, behalwe vir sover dit benodig word om toegang te gee tot 'n rekord waartoe toegang ingevolge hierdie Wet verleen word.

(4) Die inligting bedoel in subartikel (2) *(c)* (i), sonder om die algemeendheid van

daardie subartikel in te kort, sluit inligting in oor 'n ooreenkoms, of beoogde ooreenkoms, om enige belang in of reg op aandele in die kapitaal van 'n openbare liggaam oor te dra aan 'n persoon wat nie 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(a)* of *(b)* (i) van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1 is nie.

[Sub-a. (4) gewysig by a. 35 *(a)* van Wet 42 van 2001.]

(5) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (3) geweier word nie vir sover dit bestaan uit inligting-

*(a)* reeds in die openbaar beskikbaar;

*(b)* oor of wat behoort aan 'n ander openbare liggaam as die openbare liggaam aan wie die versoek gerig is, wat skriftelik tot die openbaarmaking daarvan aan die betrokke versoeker toegestem het; of

*(c)* oor die resultate van enige toets of ondersoek oor 'n produk of die omgewing wat verskaf is deur 'n openbare liggaam of die resultate van enige sodanige toets of ondersoek wat verrig is deur of namens 'n openbare liggaam, en die openbaarmaking daarvan 'n ernstige risiko vir openbare veiligheid of die omgewing aan die lig sal bring.

[Par. *(c)* vervang by a. 35 *(b)* van Wet 42 van 2001.]

(6) Vir doeleindes van subartikel (5) *(c)* sluit die resultate van enige toets of ander ondersoek oor 'n produk of die omgewing nie die resultate in nie van enige voorlopige toets of ander ondersoek wat vir die doel van die ontwikkeling van metodes van toets of ander ondersoek uitgevoer is.

(7) Indien 'n versoek om toegang tot 'n rekord beoog in subartikel (5) *(c)* toegestaan word en die toets of ander ondersoek deur of namens die openbare liggaam van wie die rekord versoek word, uitgevoer is, moet die inligtingsbeampte terselfdertyd as wat toegang tot die rekord verleen word, die versoeker voorsien van 'n skriftelike verduideliking van die metodes wat by die uitvoering van die toets of ander ondersoek gebruik is.

### 43 Verpligte beskerming van navorsingsinligting van derde party, en beskerming van navorsingsinligting van openbare liggaam

(1) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet 'n versoek om toegang van 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord inligting bevat oor navorsing wat uitgevoer word of uitgevoer gaan word deur of namens 'n derde party, waarvan die openbaarmaking waarskynlik-

*(a)* die derde party;

*(b)* 'n persoon wat namens die derde party die navorsing doen of gaan doen; of

*(c)* die onderwerp van die navorsing,

aan ernstige benadeling sal blootstel.

(2) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam kan 'n versoek om toegang van 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord inligting bevat oor navorsing wat uitgevoer word of uitgevoer gaan word deur of namens 'n openbare liggaam, waarvan die openbaarmaking waarskynlik-

*(a)* die openbare liggaam; of

*(b)* 'n persoon wat namens die openbare liggaam die navorsing doen of gaan doen; of

*(c)* die onderwerp van die navorsing,

aan ernstige benadeling sal blootstel.

Outeursreg Juta & Kie Beperk

## 44 Werking van openbare liggame

(1) Behoudens subartikels (3) en (4) kan die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier-

*(a)* indien die rekord-

(i) 'n mening, advies, verslag of aanbeveling bevat wat verkry of opgestel is; of

(ii) 'n weergawe van oorlegpleging, bespreking of beraadslaging wat plaasgevind het, insluitende, maar nie beperk nie tot,'n notule van 'n vergadering, bevat,

met die doel om as hulp te dien by die formulering van 'n beleid of die neem van 'n besluit by die uitoefening van 'n bevoegdheid of verrigting van 'n plig regtens verleen of opgelê; of

*(b)* indien-

(i) daar redelikerwys verwag kan word dat die wete dat die openbaarmaking van die rekord moontlik sou wees, die proses van beraadslaging in 'n openbare liggaam of tussen openbare liggame sal verydel deur inhibering van die openhartige-

*(aa)* kommunikasie van 'n mening, advies, verslag of aanbeveling; of

*(bb)* voer van 'n oorlegpleging, bespreking of beraadslaging; of

(ii) daar redelikerwys verwag kan word dat, deur voortydige openbaarmaking van 'n beleid of beoogde beleid, die openbaarmaking van die rekord die sukses van daardie beleid sal verydel.

(2) Behoudens subartikel (4) kan die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien-

*(a)* daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking van die rekord die doeltreffendheid van 'n toets-, ondersoek- of ouditeringsprosedure of -metode wat deur 'n openbare liggaam gebruik word, in gevaar sal stel;

*(b)* die rekord evalueringsgegewens bevat, ongeag of die persoon wat dit verskaf het in die rekord ge‹dentifiseer word al dan nie, en die openbaarmaking van die gegewens 'n skending sou wees van 'n uitdruklike of ge‹mpliseerde belofte wat-

(i) gemaak is aan die persoon wat die gegewens verskaf het; en

(ii) tot inhoud gehad het dat die gegewens of die identiteit van die persoon wat dit verskaf het, of albei, vertroulik gehou sou word; of

*(c)* die rekord 'n voorlopige, werk- of ander konsep van 'n beampte van 'n openbare liggaam bevat.

(3) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (1) geweier word nie indien die rekord meer as 20 jaar voor die betrokke versoek ontstaan het.

(4) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (1) of (2) geweier word nie vir sover dit bestaan uit 'n verslag, of 'n opgaaf van, redes wat vereis gegee te word ooreenkomstig artikel 5 van die "Promotion of Administrative Justice Act", 2000 (Act 3 of 2000).

[Sub-a. (4) gewysig by a. 36 van Wet 42 van 2001.]

## 45 Klaarblyklike beuselagtige of kwelsugtige versoeke, of wesenlike en onredelike

Outeursreg Juta & Kie Beperk

**wegkering van hulpmiddele**

Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam kan 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien-

*(a)* die versoek klaarblyklik beuselagtig of kwelsugtig is; of

*(b)* die werk wat betrokke is by die verwerking van die versoek waarskynlik die hulpmiddel van die openbare liggaam wesenlik en onredelikerwys sal wegkeer.

**46 Verpligte openbaarmaking in openbare belang**

Ondanks enige ander bepaling van hierdie Hoofstuk, moet die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord beoog in artikel 34 (1), 36 (1), 37 (1) *(a)* of *(b)*, 38 *(a)* of *(b)*, 39 (1) *(a)* of *(b)*, 40, 41 (1) *(a)* of *(b)*, 42 (1) of (3), 43 (1) of (2), 44 (1) of (2) of 45 toestaan indien-

*(a)* openbaarmaking van die rekord bewys aan die lig sal bring van-

(i) 'n wesenlike oortreding van, of 'n versuim om te voldoen aan, die reg; of

(ii) 'n naderende en ernstige risiko vir die openbare veiligheid of die omgewing; en

*(b)* die openbare belang by die openbaarmaking van die rekord duidelik swaarder weeg as die skade beoog in die betrokke bepaling.

## HOOFSTUK 5
## DERDEPARTYKENNISGEWING EN -INGRYPING (aa 47-49)

**47 Kennisgewing aan derde partye**

(1) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam wat 'n versoek om toegang tot 'n rekord oorweeg wat dalk 'n rekord beoog in artikel 34 (1), 35 (1), 36 (1), 37 (1) of 43 (1) is, moet alle redelike stappe doen om 'n derde party op wie of waarop die rekord verband hou omtrent die versoek in te lig.

(2) Die inligtingsbeampte moet 'n derde party ingevolge subartikel (1) inlig-

*(a)* so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 21 dae nadat daardie versoek ontvang of oorgeplaas is; en

*(b)* op die vinnigste metode wat redelikerwys moontlik is.

(3) Wanneer 'n derde party ingevolge subartikel (1) ingelig word, moet die inligtingsbeampte-

*(a)* meld dat hy of sy 'n versoek om toegang tot 'n rekord oorweeg wat dalk 'n rekord beoog in artikel 34 (1), 35 (1), 36 (1), 37 (1) of 43 (1), na gelang van die geval, is en die inhoud van die rekord beskryf;

*(b)* die naam van die versoeker verskaf;

*(c)* die bepalings van artikel 34 (1), 35 (1), 36 (1), 37 (1) of 43 (1), na gelang van die geval, beskryf;

*(d)* in enige geval waar die inligtingsbeampte meen dat die bepalings van artikel 46 dalk van toepassing kan wees, daardie bepalings beskryf, meld watter van die omstandighede bedoel in artikel 46 *(a)* na die mening van die inligtingsbeampte dalk van toepassing kan wees en die redes meld waarom hy of sy van mening is dat artikel 46 dalk van toepassing kan wees; en

*(e)* meld dat die derde party binne 21 dae nadat die derde party ingelig is-

(i) skriftelike of mondelinge vertoë tot die inligtingsbeampte kan rig

Outeursreg Juta & Kie Beperk

waarom die versoek om toegang geweier behoort te word; of

(ii) skriftelike toestemming vir die openbaarmaking van die rekord aan die versoeker kan gee.

(4) Indien 'n derde party nie mondeling oor 'n versoek om toegang ingevolge subartikel (1) ingelig word nie, moet die inligtingsbeampte 'n skriftelike kennisgewing wat die aangeleenthede bedoel in subartikel (3) meld aan die derde party gee.

**48 Vertoë en toestemming deur derde partye**

(1) 'n Derde party wat ingevolge artikel 47 (1) omtrent 'n versoek om toegang ingelig word, kan binne 21 dae nadat die derde party ingelig is-

*(a)* skriftelike of mondelinge vertoë tot die betrokke inligtingsbeampte rig waarom die versoek geweier behoort te word; of

*(b)* skriftelike toestemming vir die openbaarmaking van die rekord aan die betrokke versoeker gee.

(2) 'n Derde party wat, anders as ingevolge artikel 47 (1), van 'n versoek om toegang te wete kom, kan-

*(a)* skriftelike of mondelinge vertoë tot die betrokke inligtingsbeampte rig waarom die versoek geweier behoort te word; of

*(b)* skriftelike toestemming vir die openbaarmaking van die rekord aan die betrokke versoeker gee.

**49 Besluit oor vertoë vir weiering en kennisgewing daarvan**

(1) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae, nadat elke derde party ingelig is soos vereis deur artikel 47-

*(a)* na behoorlike oorweging van enige vertoë deur 'n derde party gerig ingevolge artikel 48, besluit om die versoek om toegang toe te staan, al dan nie;

*(b)* die derde party aldus ingelig en 'n derde party wat nie ingevolge artikel 47 (1) ingelig is nie, maar wat vertoë ingevolge artikel 48 gerig het of gevind word voordat die besluit geneem word, omtrent die besluit in kennis stel; en

*(c)* die versoeker van die besluit in kennis stel en, indien die versoeker aangedui het, soos beoog in artikel 18 (2) *(e)*, dat hy of sy oor die besluit op enige ander wyse ingelig wil word, hom of haar op daardie wyse inlig indien dit redelikerwys moontlik is, en indien die versoek-

(i) toegestaan word, die versoeker in ooreenstemming met artikel 25 (2) in kennis stel; of

(ii) geweier word, die versoeker in ooreenstemming met artikel 25 (3) in kennis stel.

[Sub-a. (1) vervang by a. 37 van Wet 42 van 2001.]

(2) Indien, nadat alle redelike stappe gedoen is soos vereis deur artikel 47 (1), 'n derde party nie oor die betrokke versoek ingelig word nie en die derde party nie enige vertoë ingevolge artikel 48 gerig het nie, moet enige besluit oor die vraag of die versoek om toegang toegestaan moet word al dan nie, geneem word met behoorlike inagneming van die feit dat die derde party nie die geleentheid gehad het nie om ingevolge artikel 48 vertoë te rig waarom die versoek geweier behoort te word.

(3) Indien die versoek om toegang toegestaan word, moet die kennisgewing

Outeursreg Juta & Kie Beperk

ingevolge subartikel (1) *(b)*-

*(a)* voldoende redes vir die toestaan van die versoek, insluitende die bepalings van hierdie Wet waarop gesteun is, meld; en

*(b)* meld dat die derde party 'n interne appèl teen die besluit kan aanteken of aansoek kan indien, na gelang van die geval, binne 30 dae nadat kennis gegee is, en die prosedure vir die aanteken van die interne appèl of indien van 'n aansoek, na gelang van die geval; en

*(c)* meld dat die versoeker toegang tot die rekord verleen sal word na verstryking van die toepaslike tydperk beoog in paragraaf *(b)*, tensy so 'n interne appèl binne daardie tydperk aangeteken of aansoek by 'n hof ingedien word.

(4) Indien die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam ingevolge subartikel (1) besluit om die betrokke versoek om toegang toe te staan, moet hy of sy na verstryking van 30 dae nadat daar ingevolge subartikel (1) *(b)* kennis gegee is, toegang tot die rekord aan die versoeker verleen, tensy 'n interne appèl binne daardie tydperk aangeteken of aansoek by 'n hof ingedien is, na gelang van die geval.

## DEEL 3
## TOEGANG TOT REKORDS VAN PRIVAATLIGGAME (aa 50-73)
### HOOFSTUK 1
### REG VAN TOEGANG (a 50)

**50 Reg van toegang tot rekords van privaatliggame**

(1) 'n Versoeker moet toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam verleen word indien-

*(a)* daardie rekord vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word;

*(b)* daardie versoeker aan al die prosedurele vereistes van hierdie Wet voldoen wat betrekking op 'n versoek vir daardie rekord het; en

*(c)* toegang tot daardie rekord nie geweier is nie ingevolge enige grond vir weiering wat in Hoofstuk 4 van hierdie Deel beoog word.

(2) Bykomend tot die vereistes bedoel in subartikel (1), wanneer 'n openbare liggaam, bedoel in paragraaf *(a)* of *(b)* (i) van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1, toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam vir die uitoefening of beskerming van enige ander regte as sy regte versoek, moet hy in die openbare belang optree.

(3) 'n Versoek in subartikel (1) beoog, sluit 'n versoek in om toegang tot 'n rekord wat persoonlike inligting van die versoeker bevat.

### HOOFSTUK 2
### PUBLIKASIE EN BESKIKBAARHEID VAN SEKERE REKORDS (aa 51-52)

**51 Handleiding**

(1) Binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie artikel of die totstandkoming van 'n privaatliggaam moet die hoof van die betrokke privaatliggaam 'n handleiding opstel wat-

*(a)* die pos- en straatadres, telefoon- en faksnommer en, indien beskikbaar, elektroniese posadres van die hoof van die liggaam bevat;

*(b)* 'n beskrywing van die gids in artikel 10 bedoel, indien beskikbaar, en hoe om toegang daartoe te verkry, bevat;

Outeursreg Juta & Kie Beperk

*(c)* die jongste kennisgewing ingevolge artikel 52 (2) bevat, indien enige, betreffende die kategorieë rekords van die liggaam wat beskikbaar is sonder dat 'n persoon 'n versoek om toegang ingevolge hierdie Wet hoef te rig;

*(d)* 'n beskrywing van die rekords van die liggaam wat ingevolge ander wetgewing beskikbaar is, bevat; en

*(e)* voldoende besonderhede bevat om 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam te vergemaklik, 'n beskrywing van die onderwerpe waaroor die liggaam rekords hou en die kategorieë rekords gehou oor elke onderwerp bevat;

*(f)* die ander inligting bevat wat voorgeskryf mag word.

(2) Die hoof van 'n privaatliggaam moet op 'n gereelde grondslag die handleiding bedoel in subartikel (1) bywerk.

(3) Elke handleiding moet soos voorgeskryf beskikbaar gestel word.

(4) [ii]* Die Minister kan weens sekuriteitsredes, administratiewe of finansiële redes, op versoek of uit eie beweging, by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige privaatliggaam of kategorie privaatliggame van enige bepaling van hierdie artikel vir die tydperk wat die Minister goed ag, vrystel.

[Datum van inwerkingtreding van a. 51: 15 Februarie 2002.]

## 52 Vrywillige openbaarmaking en outomatiese beskikbaarheid van sekere rekords

(1) Die hoof van 'n privaatliggaam moet op 'n vrywillige en periodieke grondslag by die Minister 'n beskrywing indien van-

*(a)* die kategorieë rekords van die privaatliggaam wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n persoon 'n versoek om toegang ingevolge hierdie Wet hoef te rig, met inbegrip van die kategorieë-

(i) wat beskikbaar is vir inspeksie ingevolge ander wetgewing as hierdie Wet;

(ii) wat by die privaatliggaam beskikbaar is vir koop of die maak van afskrifte; en

[Sub-par. (ii) gewysig by a. 38 *(a)* van Wet 42 van 2001.]

(iii) wat gratis by die privaatliggaam beskikbaar is; en

*(b)* hoe toegang tot di, rekords verkry kan word.

(2) Indien toepaslik, moet die Minister op 'n periodieke grondslag en by kennisgewing in die *Staatskoerant*-

*(a)* elke beskrywing aldus ingedien, publiseer; of

*(b)* elke beskrywing aldus gepubliseer, opdateer.

(3) Die enigste geld (indien enige) betaalbaar vir toegang tot 'n rekord, wat in 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2) ingesluit is, is voorgeskrewe gelde vir reproduksie.

[Sub-a. (3) vervang by a. 38 *(b)* van Wet 42 van 2001.]

(4) Die hoof van 'n privaatliggaam kan enige gedeelte van 'n rekord in subartikel (1) *(a)* beoog, skrap wat, op 'n versoek om toegang ingevolge Hoofstuk 4 van hierdie Deel, geweier kan of moet word.

(5) Artikel 50 en enige ander bepalings van hierdie Wet wat betrekking het op daardie artikel, is nie van toepassing op enige kategorie rekords wat by 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2) ingesluit is nie.

Outeursreg Juta & Kie Beperk

## HOOFSTUK 3
## WYSE VAN TOEGANG (aa 53-61)

### 53 Vorm van versoeke

(1) 'n Versoek om toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam moet in die voorgeskrewe vorm aan die betrokke privaatliggaam by sy adres of faksnommer of elektroniese posadres gerig word.

(2) Die vorm vir 'n versoek om toegang voorgeskryf vir doeleindes van subartikel (1), moet van die betrokke versoeker minstens vereis-

*(a)* om voldoende besonderhede te verskaf om die hoof van die betrokke privaatliggaam in staat te stel om-
  (i) die rekord of rekords wat versoek is, te identifiseer;
  (ii) die versoeker te identifiseer;

*(b)* om aan te dui watter toepaslike vorm van toegang verlang word;

*(c)* om 'n posadres of faksnommer van die versoeker in die Republiek te vermeld;

*(d)* om die reg wat die versoeker poog om af te dwing of te beskerm, te identifiseer en 'n verduideliking te gee waarom die gevraagde rekord vir die uitoefening of beskerming van daardie reg benodig word;

*(e)* om, indien die versoeker, benewens 'n skriftelike antwoord, op enige ander wyse oor die besluit oor die versoek ingelig wil word, daardie wyse en die nodige besonderhede om aldus ingelig te word, te meld; en

*(f)* om, indien die versoek namens 'n persoon gerig word, tot die redelike tevredenheid van die hoof bewys te lewer van die hoedanigheid waarin die versoeker die versoek rig.

### 54 Gelde

(1) Die hoof van 'n privaatliggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet by kennisgewing van die versoeker, behalwe 'n persoonlike versoeker, vereis om die voorgeskrewe versoekgelde (indien enige) te betaal voordat die versoek verder geprosesseer word.

(2) Indien-

*(a)* die soektog na 'n rekord van 'n privaatliggaam ten opsigte waarvan 'n versoek om toegang deur 'n versoeker, behalwe 'n persoonlike versoeker, gedoen is; en

*(b)* die voorbereiding van die rekord vir openbaarmaking (insluitende enige reëlings beoog in artikel 29 (2) *(a)* en *(b)* (i) en (ii) *(aa)*),

na die oordeel van die hoof van die betrokke privaatliggaam meer as die ure sou neem wat vir hierdie doel vir versoekers voorgeskryf is, moet die hoof by kennisgewing van die versoeker, behalwe 'n persoonlike versoeker, vereis om die voorgeskrewe gedeelte (synde hoogstens een derde) van die toegangsgelde wat betaalbaar sou wees indien die versoek toegestaan word as 'n deposito te betaal.

(3) Die kennisgewing bedoel in subartikel (1) of (2) moet-

*(a)* die bedrag van die deposito vermeld wat ingevolge subartikel (2) betaalbaar is, indien van toepassing;

*(b)* vermeld dat die versoeker 'n aansoek by 'n hof kan indien teen die aanbied of betaling van die versoekgeld ingevolge subartikel (1), of die aanbied of betaling van 'n deposito ingevolge subartikel (2), na gelang van die geval;

Outeursreg Juta & Kie Beperk

en

*(c)* die prosedure (insluitende die tydperk) vir die indien van 'n aansoek vermeld.

(4) Indien 'n deposito betaal is ten opsigte van 'n versoek om toegang wat geweier word, moet die hoof van die betrokke privaatliggaam die deposito aan die versoeker terugbetaal.

(5) Die hoof van 'n privaatliggaam moet 'n rekord terughou totdat die betrokke versoeker die toepaslike gelde (indien enige) betaal het.

(6) 'n Versoeker wie se versoek om toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam toegestaan is, moet toegangsgelde betaal vir reproduksie en vir soek en voorbereiding beoog in onderskeidelik subartikel (7) *(a)* en *(b)* vir enige tyd wat redelikerwys meer as die voorgeskrewe ure vereis word om die rekord vir openbaarmaking te soek en voor te berei (insluitende die tref van reëlings beoog in artikel 29 (2) *(a)* en *(b)* (i) en (ii) *(aa)*).

(7) Toegangsgelde voorgeskryf vir doeleindes van subartikel (6) moet voorsiening maak vir redelike toegangsgelde vir-

*(a)* die koste van die maak van 'n afskrif van 'n rekord, of vir 'n transkripsie van die inhoud van 'n rekord, soos beoog in artikel 29 (2) *(a)* en *(b)* (i), (ii) *(b)*, (iii) en (v) en, indien toepaslik, die posgeld; en

*(b)* die tyd wat redelikerwys benodig word om na die rekord te soek en die rekord voor te berei (insluitende die tref van enige reëlings beoog in artikel 29 (2) *(a)* en *(b)* (i) en (ii) *(a)*) vir openbaarmaking aan die versoeker.

(8) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant*-

*(a)* 'n persoon of kategorie persone vrystel van die betaling van enige gelde bedoel in hierdie artikel;

*(b)* bepaal dat enige gelde bedoel in hierdie artikel nie 'n bepaalde maksimumbedrag moet oorskry nie;

*(c)* die wyse bepaal waarop enige gelde bedoel in hierdie artikel bereken moet word;

*(d)* bepaal dat enige gelde bedoel in hierdie artikel nie van toepassing is op 'n kategorie rekords nie;

*(e)* enige persoon of rekord of kategorie persone of rekords vir 'n vasgestelde tydperk vrystel van enige geld bedoel in subartikel (6); en

*(f)* bepaal dat wanneer die koste van insameling van enige gelde bedoel in hierdie artikel die gevraagde bedrag oorskry, sodanige gelde nie van toepassing is nie.

## 55 Rekords wat nie gevind kan word of nie bestaan nie

(1) Indien-

*(a)* alle redelike stappe gedoen is om 'n gevraagde rekord op te spoor; en

*(b)* daar redelike gronde is om te vermoed dat die rekord-

(i) in die privaatliggaam se besit is, maar nie opgespoor kan word nie; of

(ii) nie bestaan nie,

moet die hoof van 'n privaatliggaam die versoeker by wyse van 'n beëdigde verklaring of 'n bevestiging in kennis stel dat dit nie moontlik is om toegang tot daardie rekord te verleen nie.

Outeursreg Juta & Kie Beperk

(2) Die beëdigde verklaring of bevestiging bedoel in subartikel (1) moet volle rekenskap gee van alle stappe wat gedoen is om die betrokke rekord op te spoor of om te bepaal of die rekord bestaan, na gelang van die geval, insluitende alle mededelings aan en van elke persoon wat die soektog namens die hoof uitgevoer het.

(3) Vir doeleindes van hierdie Wet moet die kennisgewing ingevolge subartikel (1) beskou word as 'n besluit om 'n versoek om toegang tot die betrokke rekord te weier.

(4) Indien die betrokke rekord gevind word nadat kennis ingevolge subartikel (1) gegee is, moet die betrokke versoeker toegang tot die rekord verleen word tensy toegang geweier word op 'n grond vir weiering beoog in Hoofstuk 4 van hierdie Deel.

### 56 Besluit oor versoek en kennisgewing daarvan

(1) Tensy die bepalings met betrekking tot derde party kennisgewing en vertoë beoog in Hoofstuk 5 van hierdie Deel van toepassing is, moet die hoof aan wie 'n versoek om toegang gerig word, so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae, nadat die versoek ontvang is of nadat die besonderhede ingevolge artikel 53 (2) vereis, ontvang is-

*(a)* ooreenkomstig hierdie Wet besluit of die versoek toegestaan moet word; en

*(b)* die versoeker van die besluit in kennis stel en, indien die versoeker gemeld het dat hy of sy soos beoog in artikel 53 (2) *(e)* op 'n ander wyse oor die besluit ingelig wil word, hom of haar op daardie wyse inlig indien dit redelikerwys moontlik is.

[Sub-a. (1) vervang by a. 39 *(a)* van Wet 42 van 2001.]

(2) Indien die versoek om toegang toegestaan word, moet die kennisgewing ingevolge subartikel (1) *(b)*-

*(a)* die toegangsgelde (indien daar is) wat by toegang betaalbaar is, meld;

*(b)* die vorm waarin toegang verleen sal word, meld; en

*(c)* meld dat die versoeker 'n aansoek by 'n hof kan indien, teen die toegangsgelde wat betaal moet word of die vorm van toegang wat toegestaan is, en die prosedure, met inbegrip van die tydperk wat toegelaat word, vir die indien van die aansoek.

[Par. *(c)* vervang by s. 39 *(b)* van Wet 42 van 2001.]

(3) Indien die versoek om toegang geweier word, moet die kennisgewing ingevolge subartikel (1) *(b)*-

*(a)* voldoende redes vir die weiering, insluitende die bepalings van hierdie Wet waarop gesteun word, vermeld;

*(b)* enige verwysing na die inhoud van die rekord van sodanige redes uitsluit; en

*(c)* meld dat die versoeker 'n aansoek by 'n hof kan indien, teen die weiering van die versoek, en die prosedure (insluitende die tydperk) vir die indien van die aansoek.

### 57 Verlenging van tydperk om met versoek te handel

(1) Die hoof van 'n privaatliggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig is, kan die tydperk van 30 dae bedoel in artikel 56 (1) (in hierdie artikel die "oorspronklike tydperk" genoem) een maal verleng vir 'n verdere tydperk van hoogstens 30 dae, indien-

*(a)* die versoek om 'n groot aantal rekords is of die soek deur 'n groot aantal rekords verg, en nakoming van die oorspronklike tydperk onredelik met

Outeursreg Juta & Kie Beperk

die aktiwiteite van die betrokke privaatliggaam sou inmeng;

*(b)* die versoek 'n soek verg na rekords in, of die afhaal daarvan by, 'n kantoor van die privaatliggaam wat nie in dieselfde dorp of stad as die kantoor van die hoof geleë is nie, welke versoek nie redelikerwys binne die oorspronklike tydperk afgehandel kan word nie;

*(c)* oorlegpleging tussen afdelings van die privaatliggaam of met 'n ander privaatliggaam nodig of wenslik is ten einde te besluit oor die versoek wat nie redelikerwys binne die oorspronklike tydperk afgehandel kan word nie;

*(d)* meer as een van die omstandighede beoog in paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* ten opsigte van die versoek bestaan, wat dit redelikerwys onmoontlik maak om die oorspronklike tydperk na te kom; of

*(e)* die versoeker skriftelik tot sodanige verlenging inwillig.

(2) Indien 'n tydperk ingevolge subartikel (1) verleng word, moet die hoof van die privaatliggaam so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae, nadat die versoek ontvang is, die versoeker van daardie verlenging in kennis stel.

(3) Die kennisgewing ingevolge subartikel (2) moet-

*(a)* die tydperk van die verlenging meld;

*(b)* voldoende redes vir die verlenging, insluitende die bepalings van hierdie Wet waarop gesteun word, vermeld; en

*(c)* meld dat die versoeker 'n aansoek by 'n hof kan indien, teen die verlenging, en die prosedure (insluitende die tydperk) vir die indien van die aansoek.

### 58 Versoek wat geweier geag word

Indien die hoof van 'n privaatliggaam versuim om die besluit oor 'n versoek om toegang binne die tydperk beoog in artikel 56 (1) aan die versoeker te gee, word die hoof van die privaatliggaam, vir doeleindes van hierdie Wet, geag die versoek te geweier het.

### 59 Skeibaarheid

(1) Indien 'n versoek om toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam gerig word wat inligting bevat wat ingevolge enige bepaling van Hoofstuk 4 van hierdie Deel geweier kan of moet word, moet elke deel van die rekord wat-

*(a)* geen sodanige inligting bevat nie; en

*(b)* redelikerwys geskei kan word van enige deel wat sodanige inligting bevat, ondanks enige ander bepaling van hierdie Wet, openbaar gemaak word.

(2) Indien 'n versoek om toegang tot-

*(a)* 'n gedeelte van 'n rekord toegestaan word; en

*(b)* die ander gedeelte van die rekord geweier word,

soos beoog in subartikel (1), is die bepalings van artikel 56 (2) op paragraaf *(a)* van hierdie subartikel van toepassing en die bepalings van artikel 56 (3) op paragraaf *(b)* van hierdie subartikel van toepassing.

[Sub-a. (2) gewysig by a. 40 van Wet 42 van 2001.]

### 60 Vorme van toegang

Indien toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggam verleen is, moet die hoof van daardie liggaam so gou as moontlik na kennisgewing ingevolge artikel 56, maar behoudens artikel 57, toegang gee in-

*(a)* die vorm wat die versoeker redelikerwys benodig; of

Outeursreg Juta & Kie Beperk

*(b)* indien geen spesifieke vorm van toegang benodig word nie, die vorm wat die hoof redelikerwys vasstel.

### 61 Toegang tot gesondheids- of ander rekords

(1) Indien die hoof van 'n privaatliggaam wat ingevolge artikel 50 'n versoek toestaan om toegang tot 'n rekord wat deur 'n gesondheidspraktisyn in sy of haar hoedanigheid as sodanig verskaf is rakende die fisiese of geestesgesondheid, of welsyn-

*(a)* van die versoeker; of

*(b)* indien die versoek namens die persoon gerig is op wie die rekord betrekking het, van daardie persoon,

(in hierdie artikel word na die versoeker en persoon bedoel in, onderskeidelik, paragrawe *(a)* en *(b)* verwys as die "tersaaklike persoon"), van oordeel is dat die openbaarmaking van die rekord aan die tersaaklike persoon ernstige skade aan sy of haar fisiese of geestesgesondheid, of welsyn mag aandoen, kan die hoof, voordat toegang ingevolge artikel 60 verleen word, 'n gesondheidspraktisyn raadpleeg wat, behoudens subartikel (2), deur die tersaaklike persoon benoem is.

(2) Indien die tersaaklike persoon-

*(a)* onder die ouderdom van 16 jaar is, moet 'n persoon wat ouerlike verantwoordelikheid vir die tersaaklike persoon het die benoeming beoog in subartikel (1) doen; of

*(b)* nie in staat is om sy of haar sake te bestuur nie, moet 'n persoon wat deur die hof aangewys is om daardie sake te bestuur daardie benoeming doen.

(3) *(a)* Indien, nadat toegang verleen is tot die betrokke rekord, die gesondheidspraktisyn met wie ingevolge subartikel (1) oorleg gepleeg is van mening is dat die openbaarmaking van die rekord aan die tersaaklike persoon waarskynlik ernstige skade aan sy of haar fisiese of geestesgesondheid, of welsyn sou aandoen, kan die hoof slegs toegang tot die rekord verleen indien die versoeker tot bevrediging van die hoof toon dat voldoende voorsiening gemaak is vir die beraadslaging of reëlings wat redelikerwys uitvoerbaar is voor, gedurende of na openbaarmaking van die rekord om sodanige skade aan die tersaaklike persoon te beperk, te verlig of te vermy.

*(b)* Voordat toegang tot die rekord aldus aan die versoeker verleen word, moet die persoon wat vir sodanige beraadslaging of reëlings verantwoordelik is, toegang tot die rekord verleen word.

## HOOFSTUK 4
## GRONDE VIR WEIERING VAN TOEGANG TOT REKORDS (aa 62-70)

### 62 Interpretasie

'n Bepaling van hierdie Hoofstuk ingevolge waarvan 'n versoek om toegang tot 'n rekord geweier moet of kan word of nie geweier kan word nie, moet nie uitgelê nie word as-

*(a)* beperk in die toepassing daarvan op enige wyse deur enige ander bepaling van hierdie Hoofstuk ingevolge waarvan 'n versoek om toegang geweier moet of kan word of nie geweier kan word nie; en

*(b)* nie van toepassing nie op 'n bepaalde rekord omrede 'n ander bepaling van hierdie Hoofstuk ingevolge waarvan 'n versoek om toegang geweier moet of kan word of nie geweier kan word nie, ook op daardie rekord van toepassing is.

### 63 Verpligte beskerming van privaatheid van derde party wat natuurlike persoon

Outeursreg Juta & Kie Beperk

**is**

(1) Behoudens subartikel (2) moet die hoof van 'n privaatliggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die openbaarmaking daarvan die onredelike openbaarmaking van persoonlike inligting oor 'n derde party, insluitende 'n oorlede individu, sal meebring.

(2) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (1) geweier word nie vir sover dit bestaan uit inligting-

*(a)* oor 'n individu wat ingevolge artikel 72 of andersins skriftelik tot die openbaarmaking daarvan aan die betrokke versoeker toegestem het;

*(b)* reeds in die openbaar beskikbaar;

*(c)* wat aan die privaatliggaam gegee is deur die individu op wie dit betrekking het en die individu deur of namens die privaatliggaam ingelig is, voor dit gegee is, dat die inligting behoort aan 'n klas inligting wat aan die publiek beskikbaar gestel sal of sou kan word;

*(d)* oor die fisiese of geestelike gesondheid, of welsyn, van 'n individu wat onder die sorg van die versoeker is en wat-

(i) onder die ouderdom van 18 jaar is; en

(ii) nie in staat is om die aard van die versoek te verstaan nie,

en indien die verlening van toegang in die individu se beste belang sal wees;

*(e)* oor 'n individu wat oorlede is en die versoeker-

(i) die individu se naasbestaande is; of

(ii) met skriftelike toestemming van die individu se naasbestaande die versoek rig; of

*(f)* oor 'n individu wat 'n beampte van 'n privaatliggaam is of was en wat verband hou met die posisie of funksies van die individu, insluitende, maar nie beperk nie tot-

(i) die feit dat die individu 'n beampte van daardie privaatliggaam is of was;

(ii) die titel, werkadres en werktelefoonnommer van die individu en ander soortgelyke besonderhede van die individu;

(iii) die klassifikasie, salarisskaal of besoldiging en verantwoordelikhede van die posisie beklee of dienste verrig deur die individu; en

(iv) die naam van die individu op 'n rekord opgestel deur die individu in die loop van sy of haar diens.

## 64 Verpligte beskerming van kommersiële inligting van derde party

(1) Behoudens subartikel (2) moet die hoof van 'n privaatliggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord-

*(a)* handelsgeheime van 'n derde party bevat;

*(b)* finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting, behalwe handelsgeheime, van 'n derde party bevat, waarvan die openbaarmaking waarskynlik skade aan die kommersiële of finansiële belange van daardie derde party sal veroorsaak; of

*(c)* inligting bevat wat deur 'n derde party op 'n vertroulikheidsgrondslag verskaf is waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking daarvan daardie derde party-

Outeursreg Juta & Kie Beperk

(i) in kontraktuele of ander onderhandelinge sal benadeel; of

(ii) in kommersiële mededinging sal benadeel.

(2) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (1) geweier word nie vir sover dit bestaan uit inligting-

*(a)* oor 'n derde party wat ingevolge artikel 72 of andersins skriftelik tot die openbaarmaking daarvan aan die betrokke versoeker toegestem het; of

*(b)* oor die resultate van enige toets of ondersoek oor 'n produk of die omgewing wat verskaf is deur 'n derde party of die resultate van sodanige toets of ondersoek wat verrig is deur of namens 'n derde party en die openbaarmaking daarvan 'n ernstige risiko vir openbare veiligheid of die omgewing aan die lig sal bring.

[Par. *(b)* vervang by a. 42 van Wet 42 van 2001.]

(3) Vir doeleindes van subartikel (2) *(b)* sluit die resultate van enige toets of ander ondersoek oor 'n produk of die omgewing nie die resultate in nie van enige voorlopige toets of ander ondersoek wat vir die doel van die ontwikkeling van metodes van toets of ander ondersoek uitgevoer is.

### 65 Verpligte beskerming van sekere vertroulike inligting

Die hoof van 'n privaatliggaam moet 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die openbaarmaking van die rekord 'n aksie vir 'n skending van 'n vertrouensplig wat aan 'n derde party verskuldig is, sal daarstel.

### 66 Verpligte beskerming van veiligheid van individue, en beskerming van eiendom

Die hoof van 'n privaatliggaam-

*(a)* moet 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking daarvan die lewe of fisiese veiligheid van 'n individu in gevaar sal stel; of

*(b)* kan 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die openbaarmaking daarvan waarskynlik-

(i) die sekuriteit van-

*(aa)* 'n gebou, struktuur of stelsel, insluitende, maar nie beperk nie tot, 'n rekenaar- of kommunikasiestelsel;

*(bb)* 'n vervoermiddel; of

*(cc)* enige ander eiendom; of

(ii) metodes, stelsels, planne of prosedures vir die beskerming van-

*(aa)* 'n individu ooreenkomstig 'n getuiebeskermingskema;

*(bb)* die veiligheid van die publiek, of enige deel van die publiek; of

*(cc)* die sekuriteit van eiendom beoog in subparagraaf (i) *(aa)*, *(bb)* of *(cc)*,

sal benadeel of verswak.

### 67 Verpligte beskerming van rekords geprivilegieerd van voorlegging in geregtelike verrigtinge

Die hoof van 'n privaatliggaam moet 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord van voorlegging in geregtelike verrigtinge geprivilegieerd is, tensy die persoon wat op die privilegie geregtig is, daarvan afstand gedoen het.

Outeursreg Juta & Kie Beperk

## 68 Kommersiële aktiwiteite van privaatliggame

(1) Behoudens subartikel (2) kan die hoof van 'n privaatliggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord-

*(a)* handelsgeheime van die privaatliggaam bevat;

*(b)* finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting, behalwe handelsgeheime, van die privaatliggaam bevat, waarvan die openbaarmaking waarskynlik skade aan die kommersiële of finansiële belange van die privaatliggaam sal veroorsaak; of

*(c)* inligting bevat waarvan redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking daarvan die privaatliggaam-

(i) in kontraktuele of ander onderhandelinge sal benadeel; of

(ii) in kommersiële mededinging sal benadeel; of

*(d)* 'n rekenaarprogram, soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet 98 van 1978), bevat, wat aan die privaatliggaam behoort, behalwe vir sover dit benodig word om toegang te verleen tot 'n rekord waartoe toegang ingevolge hierdie Wet verleen word.

(2) 'n Rekord kan nie ingevolge subartikel (1) geweier word nie vir sover dit bestaan uit inligting oor die resultate van enige toets of ondersoek oor 'n produk of die omgewing wat verskaf is deur die privaatliggaam of die resultate van enige sodanige toets of ondersoek wat verrig is deur of namens 'n privaatliggaam, en die openbaarmaking daarvan 'n ernstige risiko vir openbare veiligheid of die omgewing aan die lig sal bring.

[Sub-a. (2) vervang by a. 43 van Wet 42 van 2001.]

(3) Vir doeleindes van subartikel (2) sluit die resultate van enige toets of ander ondersoek oor 'n produk of die omgewing nie die resultate in nie van enige voorlopige toets of ander ondersoek wat vir die doel van die ontwikkeling van metodes van toets of ander ondersoek uitgevoer is.

## 69 Verpligte beskerming van navorsingsinligting van derde party, en beskerming van navorsingsinligting van privaatliggaam

(1) Die hoof van 'n privaatliggaam moet 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord inligting bevat oor navorsing wat uitgevoer of uitgevoer gaan word deur of namens 'n derde party, die openbaarmaking waarvan waarskynlik-

*(a)* die derde party;

*(b)* 'n persoon wat namens die derde party die navorsing doen of gaan doen; of

*(c)* die onderwerp van die navorsing,

aan ernstige nadeel sal blootstel.

(2) Die hoof van 'n privaatliggaam kan 'n versoek om toegang van 'n rekord van die liggaam weier indien die rekord inligting bevat oor navorsing wat uitgevoer word of uitgevoer gaan word deur of namens die privaatliggaam, die openbaarmaking waarvan waarskynlik-

*(a)* die privaatliggaam;

*(b)* 'n persoon wat namens die privaatliggaam die navorsing doen of gaan doen; of

*(c)* die onderwerp van die navorsing,

aan ernstige benadeling sal blootstel.

### 70 Verpligte openbaarmaking in openbare belang

Ondanks enige ander bepaling van hierdie Hoofstuk, moet die hoof van 'n privaatliggaam 'n versoek om toegang tot 'n rekord beoog in artikel 63 (1), 64 (1), 65, 66 *(a)* of *(b)*, 67, 68 (1) of 69 (1) of (2) toestaan indien-

*(a)* openbaarmaking van die rekord bewys aan die lig sal bring van-

(i) 'n wesenlike oortreding van, of 'n versuim om te voldoen aan, die reg; of

(ii) 'n naderende en ernstige risiko vir die openbare veiligheid of die omgewing; en

*(b)* die openbare belang by die openbaarmaking van die rekord duidelik swaarder weeg as die skade beoog in die betrokke bepaling.

## HOOFSTUK 5
## DERDEPARTYKENNISGEWING EN -INGRYPING (aa 71-73)

### 71 Kennisgewing aan derde partye

(1) Die hoof van 'n privaatliggaam wat 'n versoek om toegang tot 'n rekord oorweeg wat dalk 'n rekord beoog in artikel 63 (1), 64 (1), 65 of 69 (1) is, moet alle redelike stappe doen om 'n derde party op wie of waarop die rekord verband hou omtrent die versoek in te lig.

(2) Die hoof moet 'n derde party ingevolge subartikel (1) inlig-

*(a)* so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 21 dae nadat daardie versoek ontvang is; en

*(b)* op die vinnigste metode wat redelikerwys moontlik is.

(3) Wanneer 'n derde party ingevolge subartikel (1) ingelig word, moet die hoof-

*(a)* meld dat hy of sy 'n versoek om toegang tot 'n rekord oorweeg wat dalk 'n rekord beoog in artikel 63 (1), 64 (1), 65 of 69 (1), na gelang van die geval, is en die inhoud van die rekord beskryf;

*(b)* die naam van die versoeker verskaf;

*(c)* die bepalings van artikel 63 (1), 64 (1), 65 of 69 (1), na gelang van die geval, beskryf;

*(d)* in enige geval waar die hoof meen dat die bepalings van artikel 70 dalk van toepassing kan wees, daardie bepalings beskryf, meld watter van die omstandighede bedoel in artikel 70 *(a)* na die mening van die hoof dalk van toepassing kan wees en die redes meld waarom hy of sy van mening is dat artikel 70 dalk van toepassing kan wees; en

*(e)* meld dat die derde party binne 21 dae nadat die derde party ingelig is-

(i) skriftelike of mondelinge vertoë tot die hoof kan rig waarom die versoek om toegang geweier behoort te word; of

(ii) skriftelike toestemming vir die openbaarmaking van die rekord aan die versoeker kan gee.

(4) Indien 'n derde party nie mondeling oor 'n versoek om toegang ingevolge subartikel (1) ingelig word nie, moet die hoof 'n skriftelike kennisgewing wat die aangeleenthede bedoel in subartikel (3) meld aan die derde party gee.

### 72 Vertoë en toestemming deur derde partye

(1) 'n Derde party wat ingevolge artikel 71 (1) omtrent 'n versoek om toegang ingelig word, kan binne 21 dae nadat die derde party aldus ingelig is-

*(a)* skriftelike of mondelinge vertoë tot die betrokke hoof rig waarom die

Outeursreg Juta & Kie Beperk

versoek geweier behoort te word; of

*(b)* skriftelike toestemming vir die openbaarmaking van die rekord aan die betrokke versoeker gee.

(2) 'n Derde party wat, anders as ingevolge artikel 71 (1), van 'n versoek om toegang te wete kom, kan-

*(a)* skriftelike of mondelinge vertoë tot die betrokke hoof rig waarom die versoek geweier behoort te word; of

*(b)* skriftelike toestemming vir die openbaarmaking van die rekord aan die betrokke versoeker gee.

**73 Besluit oor vertoë vir weiering en kennisgewing daarvan**

(1) Die hoof van 'n privaatliggaam moet so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae, nadat elke derde party ingelig is soos vereis deur artikel 71-

*(a)* na behoorlike oorweging van enige vertoë deur 'n derde party gerig ingevolge artikel 72, besluit om die versoek om toegang toe te staan, al dan nie;

*(b)* die derde party aldus ingelig en 'n derde party wat nie ingevolge artikel 71(1) ingelig is nie, maar wat vertoë ingevolge artikel 72 gerig het of gevind word voordat die besluit geneem word, omtrent die besluit in kennis stel; en

*(c)* die versoeker van die besluit in kennis stel en, indien die versoeker aangedui het, soos beoog in artikel 53 (2) *(e)*, dat hy of sy van die besluit op enige ander wyse in kennis gestel wil word, hom of haar op daardie wyse in kennis stel indien dit redelikerwys moontlik is, en indien die versoek-

(i) toegestaan word, die versoeker in ooreenstemming met artikel 56 (2) in kennis stel; of

(ii) geweier word, die versoeker in ooreenstemming met artikel 56 (3) in kennis stel.

[Sub-a. (1) vervang by a. 44 van Wet 42 van 2001.]

(2) Indien, nadat alle redelike stappe gedoen is soos vereis deur artikel 71, 'n derde party nie van die betrokke versoek ingelig word nie, moet enige besluit oor die vraag of die versoek om toegang toegestaan moet word al dan nie, geneem word met behoorlike inagneming van die feit dat die derde party nie die geleentheid gehad het nie om ingevolge artikel 72 vertoë te rig waarom die versoek geweier behoort te word.

(3) Indien die versoek om toegang toegestaan word, moet die kennisgewing ingevolge subartikel (1) *(b)*-

*(a)* voldoende redes vir die toestaan van die versoek (insluitende die bepalings van hierdie Wet waarop gesteun is) meld;

*(b)* meld dat die derde party 'n aansoek by 'n hof teen die besluit kan indien, binne 30 dae nadat kennis gegee is, en die prosedure vir indiening van die aansoek; en

*(c)* meld dat die versoeker toegang tot die rekord verleen sal word na verstryking van die toepaslike tydperk beoog in paragraaf *(b)*, tensy 'n aansoek binne daardie tydperk by 'n hof ingedien word.

(4) Indien die hoof van 'n privaatliggaam ingevolge subartikel (1) besluit om die

Outeursreg Juta & Kie Beperk

betrokke versoek om toegang toe te staan, moet hy of sy na verstryking van 30 dae nadat daar ingevolge subartikel (1) *(b)* kennis gegee is, toegang tot die rekord aan die versoeker verleen, tensy 'n aansoek binne daardie tydperk by 'n hof ingedien is.

## DEEL 4
## APPÈLLE TEEN BESLUITE (aa 74-82)
## HOOFSTUK 1
## INTERNE APPÈLLE TEEN BESLUITE VAN INLIGTINGSBEAMPTES VAN SEKERE OPENBARE LIGGAME (aa 74-77)

### 74 Reg op interne appèl na tersaaklike owerheid

(1) 'n Versoeker kan 'n interne appèl teen 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(a)* van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1-

*(a)* om 'n versoek om toegang te weier; of

*(b)* geneem ingevolge artikel 22, 26 (1) of 29 (3),

in verband met daardie versoeker by die tersaaklike owerheid aanteken.

(2) 'n Derde party kan 'n interne appèl teen 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(a)* van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1 om 'n versoek om toegang toe te staan, aanteken.

### 75 Wyse van interne appèl, en appèlgelde

(1) 'n Interne appèl-

*(a)* moet in die voorgeskrewe vorm aangeteken word-

(i) binne 60 dae;

(ii) indien kennisgewing aan 'n derde party vereis word deur artikel 49 (1) *(b)*, binne 30 dae nadat daar aan die appellant kennis gegee is van die besluit waarteen geappelleer word of, indien kennisgewing aan die appellant nie vereis word nie, nadat die besluit geneem is;

*(b)* moet afgelewer word of gestuur word aan die inligtingsbeampte van die betrokke openbare liggaam by sy of haar adres, faksnommer of elektroniese posadres;

*(c)* moet die onderwerp van die interne appèl identifiseer en die redes vir die interne appèl meld en kan enige ander tersaaklike inligting wat aan die appellant bekend is, insluit;

*(d)* moet, indien die appellant, benewens 'n skriftelike antwoord, op enige ander wyse oor die besluit oor die interne appèl ingelig wil word, daardie wyse meld en die nodige besonderhede verskaf om aldus ingelig te word;

*(e)* moet, indien van toepassing, vergesel gaan van die voorgeskrewe appèlgelde bedoel in subartikel (3); en

*(f)* moet 'n posadres of faksnommer meld.

(2) *(a)* Indien 'n interne appèl na die verstryking van die tydperk bedoel in subartikel (1) *(a)* aangeteken word, moet die tersaaklike owerheid, by aanvoering van goeie gronde, die laat aanteken van die interne appèl toelaat.

*(b)* Indien daardie tersaaklike owerheid besluit om nie die laat aanteken van die interne appèl toe te laat nie, moet hy of sy die persoon wat die interne appèl aangeteken het, van daardie besluit in kennis stel.

(3) *(a)* 'n Versoeker wat 'n interne appèl teen die weiering van sy of haar versoek om toegang aanteken, moet die voorgeskrewe appèlgelde betaal (indien enige).

Outeursreg Juta & Kie Beperk

*(b)* Indien die voorgeskrewe appèlgelde betaalbaar is ten opsigte van 'n interne appèl, kan die besluit oor die interne appèl uitgestel word totdat die gelde betaal is.

(4) So gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 10 werkdae na ontvangs van 'n interne appèl ooreenkomstig subartikel (1), moet die inligtingsbeampte van die betrokke openbare liggaam aan die tersaaklike owerheid-

*(a)* die interne appèl tesame met sy of haar redes vir die betrokke besluit; en

*(b)* indien die interne appèl teen die weiering of toestaan van 'n versoek om toegang is, die naam, posadres, telefoon- en faksnommer en elektroniese posadres, wat ook al beskikbaar is, van enige derde party wat ingevolge artikel 47 (1) van die versoek in kennis gestel moet word,

voorlê.

### 76 Kennisgewing aan en vertoë deur ander belanghebbende persone

(1) Indien 'n tersaaklike owerheid 'n interne appèl teen die weiering van 'n versoek om toegang tot 'n rekord beoog in artikel 34 (1), 35 (1), 36 (1), 37 (1) of 43 (1) oorweeg, moet die owerheid die derde party met wie of waarmee die rekord in verband staan oor die interne appèl inlig, tensy alle nodige stappe om die derde party op te spoor, onsuksesvol was.

(2) Die tersaaklike owerheid moet 'n derde party ingevolge subartikel (1) inlig-

*(a)* so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae, na ontvangs van die interne appèl; en

*(b)* op die vinnigste wyse wat redelikerwys moontlik is.

(3) Wanneer 'n derde party ingevolge subartikel (1) ingelig word, moet die betrokke tersaaklike owerheid-

*(a)* meld dat hy of sy 'n interne appèl teen die weiering van 'n versoek om toegang tot 'n rekord beoog in artikel 34 (1), 35 (1), 36 (1), 37 (1) of 43 (1), na gelang van die geval, oorweeg en die inhoud van die rekord en die bepalings van artikel 34 (1), 35 (1), 36 (1), 37 (1) of 43 (1), na gelang van die geval, beskryf;

*(b)* die naam van die appellant verskaf;

*(c)* in enige geval waar daardie owerheid meen dat die bepalings van artikel 46 van toepassing kan wees, daardie bepalings beskryf, meld watter van die omstandighede bedoel in artikel 46 *(a)* na die mening van die hoof van toepassing kan wees en die redes meld waarom hy of sy van mening is dat artikel 46 van toepassing kan wees; en

*(d)* meld dat die derde party binne 21 dae nadat die derde party ingelig is, skriftelike vertoë aan daardie owerheid kan rig waarom die versoek om toegang nie toegestaan moet word nie.

(4) Indien 'n derde party mondeling oor 'n interne appèl ingevolge subartikel (1) ingelig word, moet die tersaaklike owerheid, op versoek, 'n skriftelike kennisgewing wat die aangeleenthede bedoel in subartikel (3) meld, aan die derde party gee.

(5) 'n Derde party wat ingevolge subartikel (1) oor 'n interne appèl ingelig word, kan binne 21 dae nadat die derde party ingelig is, skriftelike vertoë aan die tersaaklike owerheid rig waarom die versoek om toegang nie toegestaan moet word nie.

(6) 'n Derde party wat kennis neem van 'n interne appèl, anders as ingevolge subartikel (1), kan-

*(a)* skriftelike of mondelinge vertoë tot die tersaaklike owerheid rig waarom

Outeursreg Juta & Kie Beperk

die versoek om toegang geweier moet word; of

*(b)* skriftelike toestemming vir die openbaarmaking van die rekord aan die betrokke versoeker verleen.

(7) Indien die tersaaklike owerheid 'n interne appèl teen die toestaan van 'n versoek om toegang oorweeg, moet die owerheid die betrokke versoeker kennis gee van die interne appèl.

(8) Die tersaaklike owerheid moet-

*(a)* die betrokke versoeker ingevolge subartikel (7) kennis gee so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae, na ontvangs van die interne appèl; en

*(b)* in daardie kennisgewing meld dat die derde party binne 21 dae nadat daardie kennis gegee is, skriftelike vertoë waarom daardie versoek toegestaan moet word, tot daardie owerheid kan rig.

(9) 'n Versoeker aan wie ingevolge subartikel (7) kennis gegee word, kan binne 21 dae nadat daardie kennis gegee is, skriftelike vertoë waarom die versoek om toegang toegestaan moet word, tot die tersaaklike owerheid rig.

### 77 Besluit oor interne appèl en kennisgewing daarvan

(1) Die besluit oor 'n interne appèl moet geneem word met behoorlike inagneming van-

*(a)* die besonderhede in die interne appèl ingevolge artikel 75 (1) *(c)* gemeld;

*(b)* enige redes voorgelê deur die inligtingsbeampte ingevolge artikel 75 (4) *(a)*;

*(c)* enige vertoë gerig ingevolge artikel 76 (5), (6) of (9); en

*(d)* indien 'n derde party nie opgespoor kan word nie soos beoog in artikel 76 (1), die feit dat die derde party nie die geleentheid gehad het om ingevolge artikel 76 (5) vertoë te rig waarom die interne appèl van die hand gewys moet word nie.

(2) Wanneer oor die interne appèl besluit word, kan die tersaaklike owerheid die besluit waarteen geappelleer word, bevestig of dit deur 'n nuwe besluit vervang.

(3) Die tersaaklike owerheid moet-

*(a)* so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae nadat die interne appèl deur die inligtingsbeampte van die liggaam ontvang is;

*(b)* indien 'n derde party ingelig is ingevolge artikel 76 (1), so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae; of

*(c)* indien kennis gegee is ingevolge artikel 76 (7)-

(i) binne vyf werkdae nadat die betrokke versoeker skriftelike vertoë ingevolge artikel 76 (9) gerig het; of

(ii) in enige ander geval, binne 30 dae nadat kennis aldus gegee is,

oor die interne appèl besluit.

(4) Die tersaaklike owerheid moet, onmiddellik na die besluit oor 'n interne appèl-

*(a)* kennis gee van die besluit aan-

(i) die appellant;

(ii) elke derde party wat ingelig is soos vereis deur artikel 76 (1); en

(iii) die versoeker wat in kennis gestel is soos vereis deur artikel 76 (7); en

Outeursreg Juta & Kie Beperk

*(b)* indien redelikerwys moontlik, die appellant oor die besluit inlig op enige ander wyse gemeld ingevolge artikel 75 (1) *(d)*.

(5) Die kennisgewing ingevolge subartikel (4) *(a)* moet-

*(a)* voldoende redes vir die besluit, insluitende die bepalings van hierdie Wet waarop gesteun is, meld;

*(b)* enige verwysing na die inhoud van die rekord van sodanige redes uitsluit;

*(c)* meld dat die appellant, derde party of versoeker, na gelang van die geval, 'n aansoek teen die besluit op interne appèl by 'n hof kan indien-

(i) binne 60 dae; of

(ii) indien kennisgewing aan 'n derde party deur subartikel (4) *(a)* (ii) vereis word, binne 30 dae,

nadat kennis gegee is, en moet die prosedure vir die indien van die aansoek meld; en

*(d)* indien die tersaaklike owerheid op interne appèl besluit om 'n versoek om toegang toe te staan en kennisgewing aan 'n derde party-

(i) nie deur subartikel (4) *(a)* (ii) vereis word nie, meld dat daardie toegang tot die rekord onverwyld verleen sal word; of

(ii) aldus vereis word, meld dat daardie toegang tot die rekord verleen sal word na verstryking van die toepaslike tydperk vir die indien van 'n aansoek by 'n hof teen die besluit op interne appèl bedoel in paragraaf *(c)*, tensy daardie aansoek voor die einde van daardie toepaslike tydperk ingedien word.

(6) Indien die tersaaklike owerheid op interne appèl besluit om 'n versoek om toegang toe te staan en kennisgewing aan 'n derde party-

*(a)* nie deur subartikel (4) *(a)* (ii) vereis word nie, moet die inligtingsbeampte van die liggaam onverwyld aan die betrokke versoeker toegang tot die betrokke rekord verleen; of

*(b)* aldus vereis word, moet die inligtingsbeampte, na verstryking van 30 dae nadat aan elke betrokke derde party kennis gegee is, aan die versoeker toegang tot die betrokke rekord verleen, tensy 'n aansoek teen die besluit op interne appèl by 'n hof ingedien word voor die einde van die tydperk beoog in subartikel (5) *(c)* (ii) vir die indien van daardie aansoek.

(7) Indien die tersaaklike owerheid versuim om binne die tydperk beoog in subartikel (3) kennis te gee van die interne appèl, word daardie owerheid vir die doeleindes van hierdie Wet, geag die interne appèl van die hand te gewys het.

## HOOFSTUK 2
## AANSOEKE BY HOF (aa 78-82)

### 78 Aansoeke betreffende besluite van inligtingsbeamptes of tersaaklike owerhede van openbare liggame of van hoofde van privaatliggame

(1) 'n Versoeker of derde party bedoel in artikel 74 kan slegs 'n aansoek om 'n gepaste bevel ingevolge artikel 82 by 'n hof bring nadat die versoeker of derde party die interne appèl prosedure teen 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam ingevolge artikel 74 uitgeput het.

(2) 'n Versoeker wat-

*(a)* onsuksesvol was met 'n interne appèl na die tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam;

Outeursreg Juta & Kie Beperk

*(b)* veronreg voel deur 'n besluit van die tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam om nie die laat aanteken van 'n interne appèl ingevolge artikel 75 (2) toe te laat nie;

*(c)* veronreg voel deur 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(b)* van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1-

(i) om 'n versoek tot toegang te weier; of

(ii) geneem ingevolge artikel 22, 26 (1) of 29 (3); of

*(d)* veronreg voel deur 'n besluit van die hoof van 'n privaatliggaam-

(i) om 'n versoek tot toegang te weier; of

(ii) geneem ingevolge artikel 54, 57 (1) of 60,

kan, by wyse van 'n aansoek, binne 30 dae by 'n hof vir 'n gepaste bevel ingevolge artikel 82 aansoek doen.

(3) 'n Derde party wat-

*(a)* onsuksesvol was in 'n interne appèl na die tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam;

*(b)* veronreg voel deur 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(b)* van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1 om 'n versoek tot toegang toe te staan; of

*(c)* veronreg voel deur 'n besluit van die hoof van 'n privaatliggaam in verband met 'n versoek tot toegang tot 'n rekord van daardie liggaam,

kan, by wyse van 'n aansoek, binne 30 dae by 'n hof vir 'n gepaste bevel ingevolge artikel 82 aansoek doen.

### 79 Prosedure

(1) Die Reëlsraad vir Geregshowe, ingestel by artikel 2 van die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985 (Wet 107 van 1985), moet, binne vier jaar na die inwerkingtreding van hierdie artikel, reëls van prosedure vir-

*(a)* 'n hof in geval van aansoeke ingevolge artikel 78; en

*(b)* 'n hof om vertoë *ex parte* ingevolge artikel 80 (3) *(a)* aan te hoor,

maak.

[Sub-a. (1) vervang by a. 23 *(a)* van Wet 55 van 2003.]

(2) Totdat die reëls van prosedure ingevolge subartikel (1) *(a)* in werking tree, moet 'n aansoek ingevolge artikel 78 by die Hoë Hof of 'n ander hof wat jurisdiksie het, ingedien word.

[Sub-a. (2) vervang by a. 23 *(b)* van Wet 55 van 2003.]

(3) 'n Reël uitgevaardig ingevolge subartikel (1) moet, voor publikasie daarvan in die *Staatskoerant*, deur die Parlement goedgekeur word.

### 80 Openbaarmaking van rekords aan, en nie-openbaarmaking deur, hof

(1) Ondanks hierdie Wet en enige ander wet kan enige hof wat 'n aansoek of 'n appèl teen 'n beslissing oor daardie aansoek aanhoor, enige rekord van 'n openbare of privaatliggaam waarop hierdie Wet van toepassing is, ondersoek, en geen sodanige rekord mag op enige gronde van daardie hof weerhou word nie.

(2) 'n Hof bedoel in subartikel (1) mag aan geen persoon, insluitende die partye by die betrokke verrigtinge, anders as die openbare of privaatliggaam bedoel in subartikel (1)-

*(a)* enige rekord van 'n openbare of privaatliggaam wat op versoek ingevolge

Outeursreg Juta & Kie Beperk

hierdie Wet van openbaarmaking weerhou kan of moet word; of

*(b)* indien die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam, of die tersaaklike owerheid van daardie liggaam op interne appèl, by weiering om toegang tot 'n rekord te verleen ingevolge artikel 39 (3) of 41 (4), weier om die bestaan of nie-bestaan van die rekord te bevestig of te ontken, enige inligting oor die bestaan al dan nie van die rekord,

openbaar maak nie.

(3) 'n Hof beoog in subartikel (1) mag-

*(a)* *ex parte* vertoë aanhoor;

*(b)* verrigtinge in camera hou; en

*(c)* die publikasie van sodanige inligting in verband met die verrigtinge, insluitende inligting in verband met die partye tot die verrigtinge en die inhoud van die bevele deur die hof gemaak in die verrigtinge, wat die hof bepaal, verbied.

### 81 Verrigtinge is siviel

(1) Vir doeleindes van hierdie Hoofstuk is verrigtinge op aansoek ingevolge artikel 78 siviele verrigtinge.

(2) Die bewysreëls van toepassing in siviele verrigtinge is van toepassing op verrigtinge op aansoek ingevolge artikel 78.

(3) Die las om aan te toon dat-

*(a)* die weiering van 'n versoek om toegang; of

*(b)* enige besluit geneem ingevolge artikel 22, 26 (1), 29 (3), 54, 57 (1) of 60, aan die bepalings van hierdie Wet voldoen, is op die party wat daarop aanspraak maak dat dit daaraan voldoen.

### 82 Beslissing oor aansoek

(1) Die hof wat 'n aansoek aanhoor, kan 'n bevel verleen wat billik en regverdig is, insluitende bevele-

*(a)* wat die besluit wat die onderwerp van die betrokke aansoek is, bevestig, wysig of tersyde stel;

*(b)* wat van die inligtingsbeampte of tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam of hoof van 'n privaatliggaam vereis om binne 'n tydperk vermeld in die bevel sodanige stappe te doen of daarvan weerhou om sodanige stappe te doen wat die hof nodig ag;

*(c)* wat 'n interdik, tussentydse of bepaalde bystand, 'n verklarende bevel of vergoeding toestaan, of

*(d)* betreffende koste.

## DEEL 5
## MENSEREGTEKOMMISSIE (aa 83-85)

### 83 Bykomende funksies van Menseregtekommissie

(1) Die Menseregtekommissie moet-

*(a)* 'n gids aangaande die gebruik van hierdie Wet soos beoog in artikel 10 saamstel en beskikbaar stel; en

*(b)* verslae aan die Nasionale Vergadering voorlê soos beoog in artikel 84.

(2) Die Menseregtekommissie moet, in die mate wat finansiële en ander hulpbronne beskikbaar is-

*(a)* opvoedkundige programme ontwikkel en aanbied ter bevordering van die

Outeursreg Juta & Kie Beperk

begrip van die publiek, veral benadeelde gemeenskappe, van hierdie Wet en van die wyse waarop die regte beoog in hierdie Wet uitgeoefen kan word;

*(b)* openbare en privaatliggame aanmoedig om aan die ontwikkeling en aanbieding van programme bedoel in paragraaf *(a)* deel te neem en om self sulke programme te onderneem; en

*(c)* tydige en doeltreffende verspreiding van akkurate inligting deur openbare liggame oor hulle aktiwiteite bevorder.

(3) Die Menseregtekommissie kan-

*(a)* aanbevelings doen betreffende-

(i) die ontwikkeling, verbetering, modernisering, hervorming of wysiging van hierdie Wet of ander wetgewing of die gemenereg wat betrekking het op toegang tot inligting wat onderskeidelik deur openbare en privaatliggame gehou word; en

(ii) prosedures waarvolgens openbare- en privaatliggame inligting elektronies beskikbaar stel;

*(b)* die implementering van hierdie Wet moniteer;

*(c)* indien redelikerwys moontlik, op versoek, enige persoon bystaan wat 'n reg beoog in hierdie Wet wil uitoefen;

*(d)* by 'n openbare of privaatliggaam aanbeveel dat die liggaam die veranderinge aan die wyse waarop hy hierdie Wet administreer, aanbring wat die Kommissie raadsaam ag;

*(e)* inligtingsbeamptes en adjunk-inligtingsbeamptes van openbare liggame oplei;

[Par. *(e)* gewysig by a. 45 van Wet 42 van 2001.]

*(f)* met openbare en privaatliggame oorleg pleeg en verslae van hulle ontvang oor die probleme teëgekom in die nakoming van hierdie Wet;

*(g)* advies inwin van, oorleg pleeg met, of voorstelle of aanbevelings ontvang en oorweeg van, enige openbare of privaatliggaam, beampte van so 'n liggaam of lid van die publiek in verband met die Kommissie se funksies ingevolge hierdie Wet;

*(h)* vir die doeleindes van artikel 84 *(b)* (x), die Openbare Beskermer versoek om aan die Kommissie inligting voor te lê ten opsigte van-

(i) die getal klagtes by die Openbare Beskermer ingedien met betrekking tot 'n reg verleen of plig opgelê by hierdie Wet;

(ii) die aard en resultaat van daardie klagtes; en

*(i)* in die algemeen, ondersoek in stel na enige aangeleentheid, insluitende wetgewing, die gemenereg en enige praktyk en prosedure, wat met die oogmerke van hierdie Wet verband hou.

(4) Vir doeleindes van die jaarlikse verslag bedoel in artikel 84 en indien so versoek deur die Menseregtekommissie, kan die hoof van 'n privaatliggaam inligting verskaf aan daardie Kommissie aangaande versoeke om toegang tot rekords van die liggaam.

(5) Indien van pas, en indien finansiële en ander hulpbronne beskikbaar is, moet 'n beampte van 'n openbare liggaam redelike bystand aan die Menseregtekommissie verleen vir die doeltreffende verrigting van sy funksies ingevolge hierdie Wet.

Outeursreg Juta & Kie Beperk

## 84 Verslag aan Nasionale Vergadering deur Menseregtekommissie

Die Menseregtekommissie moet in sy jaarlikse verslag aan die Nasionale Vergadering bedoel in artikel 181 (5) van die Grondwet-

*(a)* enige aanbeveling ingevolge artikel 83 (3) *(a)* insluit;

*(b)* met betrekking tot elke openbare liggaam, besonderhede insluit oor-

(i) die getal versoeke om toegang wat ontvang is;

(ii) die getal versoeke om toegang ten volle toegestaan;

(iii) die getal versoeke om toegang toegestaan ingevolge artikel 46;

(iv) die getal versoeke om toegang ten volle geweier en gedeeltelik geweier en die getal kere wat elke bepaling van hierdie Wet gebruik is om weiering ten volle en gedeeltelike weiering te regverdig;

(v) die getal gevalle waarin die tydperke aangedui in artikel 25 (1) ingevolge artikel 26 (1) verleng is;

(vi) die getal interne appèlle aangeteken by die tersaaklike owerheid en die getal gevalle waarin daar, as gevolg van 'n interne appèl, toegang verleen is tot 'n rekord of 'n gedeelte daarvan;

(vii) die getal interne appèlle wat aangeteken is op grond daarvan dat 'n versoek om toegang geag is geweier te gewees het ingevolge artikel 27;

(viii) die getal aansoeke ingedien by elke hof en die resultaat daarvan en die getal beslissings van elke hof waarteen geappelleer is en die resultaat daarvan;

(ix) die getal aansoeke by elke hof wat ingedien is op grond daarvan dat 'n interne appèl geag is afgewys te gewees het ingevolge artikel 77 (7);

(x) die getal klagtes ingedien by die Openbare Beskermer ten opsigte van 'n reg verleen of plig opgelê by hierdie Wet en die aard en resultaat daarvan; en

(xi) die ander aangeleenthede wat voorgeskryf word.

## 85 Uitgawes van Menseregtekommissie ingevolge Wet

Enige uitgawes in verband met die verrigting van die Menseregtekommissie se funksies ingevolge hierdie Wet moet bestry word uit fondse wat deur die Parlement aan daardie Kommissie vir daardie doel bewillig word.

# DEEL 6
# OORGANGSBEPALINGS (aa 86-88)

## 86 Toepassing van ander wetgewing wat vir toegang voorsiening maak

(1) Die Minister moet, binne 12 maande na die inwerkingtreding van artikel 6, 'n wetsontwerp in die Parlement ter tafel lê tot wysiging van-

*(a)* Deel 1 van die Bylae om die bepalings van wetgewing wat voorsiening maak vir of toegang bevorder tot 'n rekord van 'n openbare liggaam; en

*(b)* Deel 2 van die Bylae om die bepalings van wetgewing wat voorsiening maak vir of toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam bevorder.

(2) Tot tyd en wyl die wysiging van hierdie Wet soos beoog in subartikel (1) van krag word, is enige ander wetgewing nie in die Bylae vermeld nie wat vir toegang tot 'n rekord voorsiening maak van 'n openbare of privaatliggaam op 'n wyse wat, insluitend, maar nie beperk nie tot, die betaling van fooie, nie feitelik meer beswarend nie as die

Outeursreg Juta & Kie Beperk

wyse waarop toegang ingevolge onderskeidelik Deel 2 of 3 van hierdie Wet verkry kan word.

**87 Verlengde tydperke om met versoeke te handel binne eerste twee jaar**

(1) Vir-

*(a)* 12 maande vanaf die datum waarop Deel 2 in werking tree ten opsigte van 'n openbare liggaam, moet die verwysing na-

(i) 30 dae in artikel 25 (1) en enige ander verwysing na daardie tydperk in ander bepalings van hierdie Wet;

(ii) 30 dae in artikel 49 (1) en enige ander verwysing na daardie tydperk in ander bepalings van hierdie Wet,

as 'n verwysing na 90 dae in geval van daardie openbare liggaam uitgelê word; en

*(b)* 12 maande wat volg op die 12 maande bedoel in paragraaf *(a)*, moet die verwysing na-

(i) 30 dae in artikel 25 (1) en enige ander verwysing na daardie tydperk in ander bepalings van hierdie Wet;

(ii) 30 dae in artikel 49 (1) en enige ander verwysing na daardie tydperk in ander bepalings van hierdie Wet;

as 'n verwysing na 60 dae in geval van die betrokke openbare liggaam uitgelê word.

(2) Die 90-dae- en 60-dae-tydperke bedoel in onderskeidelik subartikel (1) *(a)* en *(b)*, mag nie ingevolge artikel 26 verleng word nie.

(3) Die Parlement moet, na afloop van 'n tydperk van 12 maande, maar binne 'n tydperk van 18 maande, na die inwerkingtreding van hierdie artikel die werking van hierdie artikel hersien.

**88 Regstelling van persoonlike inligting**

Indien geen bepaling vir die regstelling van persoonlike inligting in 'n rekord van 'n openbare of privaatliggaam bestaan nie, moet daardie openbare of privaatliggaam redelike stappe doen om voldoende en genoegsame interne maatreëls daar te stel om vir sodanige regstelling voorsiening te maak totdat wetgewing wat vir sodanige regstelling voorsiening maak in werking tree.

## DEEL 7
## ALGEMENE BEPALINGS (aa 89-93)

**89 Aanspreeklikheid**

Geen persoon is straf- of sivielregtelik aanspreeklik vir enige handeling in goeie trou in die uitoefening of verrigting of beweerde uitoefening of verrigting van enige bevoegdheid of plig ingevolge hierdie Wet nie.

**90 Misdrywe**

(1) 'n Persoon wat met die opset om 'n reg tot toegang ingevolge hierdie Wet te ontsê-

*(a)* 'n rekord vernietig, beskadig of wysig;

*(b)* 'n rekord verberg; of

*(c)* 'n rekord vervals of 'n vals rekord skep,

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

(2) 'n Inligtingsbeampte wat opsetlik of op 'n grof nalatige wyse versuim om aan

Outeursreg Juta & Kie Beperk

die bepalings van artikel 14 te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

(3) 'n Hoof van 'n privaatliggaam wat opsetlik of op 'n grof nalatige wyse versuim om aan die bepalings van artikel 51 te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

[A. 90 vervang by a. 24 van Wet 55 van 2003.]

## 91 Wysiging van Wet op Openbare Beskermer 23 van 1994

Artikel 6 van die Wet op Openbare Beskermer, 1994 (Wet 23 van 1994), word hierby gewysig-

*(a)* deur in paragraaf *(c)* van subartikel (4) die uitdrukking "gesag" deur die uitdrukking "gesag; en" te vervang; en

*(b)* deur die volgende paragraaf by subartikel (4) te voeg:

"*(d)* op sy of haar eie inisiatief of by ontvangs van 'n klagte of op versoek in verband met die werking of administrasie van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, in sy of haar eie diskresie poog om enige geskil-

(i) deur bemiddeling, versoening of onderhandeling;

(ii) deur enige klaer of klaagster, waar nodig, aangaande toepaslike remedies te adviseer; of

(iii) op enige ander wyse wat onder die omstandighede geskik mag wees,

op te los.

## 91A Aanwysing en opleiding van voorsittende beamptes

(1) *(a)* Die hoof van 'n administratiewe streek soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), moet, behoudens subartikel (2), enige landdros of addisionele landdros skriftelik aanwys as 'n voorsittende beampte van 'n Landdroshof wat deur die Minister ingevolge artikel 1 van hierdie Wet aangewys is.

*(b)* 'n Voorsittende beampte moet die werksaamhede en verpligtinge verrig en die bevoegdhede uitoefen wat kragtens hierdie Wet of enige ander wet aan hom of haar toegewys is of opgedra word.

(2) Slegs 'n landdros of 'n addisionele landdros wat 'n opleidingskursus voltooi het-

*(a)* voor die datum van inwerkingtreding van hierdie artikel; of

*(b)* soos beoog in subartikel (5),

en wie se naam op die lys soos beoog in subartikel (4) *(a)* ingesluit is, kan ingevolge subartikel (1) aangewys word.

(3) Die hoofde van administratiewe streke moet-

*(a)* alle redelike stappe binne die beskikbare bronne doen ten einde ten minste een voorsittende beampte aan te wys vir elke landdroshof binne sy of haar regsgebied wat deur die Minister ingevolge artikel 1 aangewys is; en

*(b)* sonder versuim, die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling in kennis stel van enige landdros of addisionele landdros wat 'n opleidingskursus soos beoog in subartikels (5) en (6) voltooi het of wat ingevolge subartikel (1) aangewys is.

(4) Die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling moet 'n lys

Outeursreg Juta & Kie Beperk

opstel en hou van elke landdros of addisionele landdros wat-

*(a)* 'n opleidingskursus soos beoog in subartikels (5) en (6) voltooi het; of

*(b)* as 'n voorsittende beampte van 'n landdroshof soos beoog in subartikel (1) aangewys is.

(5) Die Hoofregter moet, in oorleg met die Regterlike Dienskommissie en die Landdrostekommissie, die inhoud van opleidingskursusse ontwikkel met die oog daarop om 'n toegewyde en ervare poel van opgeleide en gespesialiseerde voorsittende beamptes op te bou ten einde by hofverrigtinge in hierdie Wet beoog, voor te sit.

(6) Die Hoofregter moet, in oorleg met die Regterlike Dienskommissie, die Landdrostekommissie en die Minister, die opleidingskursusse bedoel in subartikel (5) implementeer.

(7) Die Minister moet, soos voorgeskryf, 'n verslag in die Parlement ter tafel lê wat verband hou met die inhoud en implementering van die opleidingskursusse bedoel in subartikels (5) en (6).

[A. 91A ingevoeg by a. 2 van Wet 54 van 2002.]

## 92 Regulasies

(1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* regulasies uitvaardig betreffende-

*(a)* enige aangeleentheid wat deur hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;

*(b)* enige aangeleentheid rakende die gelde soos beoog in artikels 22 en 54;

*(c)* enige kennisgewing wat deur hierdie Wet vereis word;

*(d)* eenvormige maatstrawwe wat deur die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam toegepas moet word ten einde te besluit welke kategorie rekords ingevolge artikel 15 vrygestel word; en

*(e)* enige administratiewe of prosedure-aangeleentheid wat nodig is om aan die bepalings van hierdie Wet gevolg te gee.

(2) Enige regulasie ingevolge subartikel (1) moet, voor publikasie in die *Staatskoerant*, by die Parlement ingedien word.

(3) Enige regulasie ingevolge subartikel (1) wat-

*(a)* betrekking het op gelde; of

*(b)* 'n finansiële uitgawe vir die Staat tot gevolg kan hê,

moet deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies uitgevaardig word.

(4) Enige regulasie ingevolge subartikel (1) kan bepaal dat enige persoon wat 'n bepaling daarvan oortree of wat versuim om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

[Sub-a. (4) bygevoeg by a. 25 van Wet 55 van 2003.]

## 93 Kort titel en inwerkingtreding

(1) Hierdie Wet heet die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan aldus bepaal word ten opsigte van-

*(a)* verskillende bepalings van hierdie Wet;

*(b)* verskillende kategorieë openbare liggame, insluitend, maar nie beperk tot, verskillende openbare liggame beoog in-

(i) paragraaf *(a)*;

(ii) paragraaf *(b)* (i); en

Outeursreg Juta & Kie Beperk

(iii) paragraaf *(b)* (ii),

van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1; en

*(c)* verskillende kategorieë privaatliggame.

## Bylae

[Bylae gewysig by a. 79 van Wet 38 van 2001.]

DEEL 1

(Artikel 6 *(a)*)

| Nommer en jaar van wet | Kort titel | Artikel |
|---|---|---|
| Wet 107 van 1998 | Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 | Artikel 31(1) |
| Wet 38 van 2001 | Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 | Artikel 36 |

DEEL 2

(Artikel 6 *(b)*)

| Nommer en jaar van wet | Kort titel | Artikel |
|---|---|---|
| Wet 107 van 1998 | Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 | Artikel 31(2) |

---

[i]Alle openbare liggame en private liggame is vrygestel van die indiening van handleidings vir die tydperk 15 Augustus 2002 tot 28 Februarie 2003 - GK R1094 in *SK* 23765 van 21 Augustus 2002.

[ii]Alle openbare liggame en private liggame is vrygestel van die indiening van handleidings vir die tydperk 15 Augustus 2002 tot 28 Februarie 2003 - GK R1094 in *SK* 23765 van 21 Augustus 2002.

Outeursreg Juta & Kie Beperk